Kyk

Broer Jimmy. En goeie môre vriende. Dis . . . Ek is baie bly om weer hier in Phoenix te wees vanmôre, hierdie lekker tyd van gemeenskap te geniet. Wens ek kon net vir 'n lang tyd hier sit, en luister na hierdie mooi liedere, en om jong Jimmy regtig in daardie lied te sien ingaan. Hum! Daardie seun gee glad nie voor nie, nie waar nie?

2 En Broer Outlaw het vanmôre vir my vertel dat hierdie sy dierbare moeder is wat hier oorkant by die deur sit, van een-en-tagtig jaar oud. God seën jou, suster. Ek neem aan baie jare gelede, toe jy daardie babatjie in jou arms gesus het, en daardie handjies oor jou wange gestreel het, het jy nie gedink jy sou hier sit, tagtig jaar oud, en luister na hom in sy kerk, miskien, op daardie tyd nie. Het jy dit toe geglo? Dis baie goed, baie goed. So bly. God het vir jou gegee . . . Wel, kan nie sê baie jare nie, want jy is—jy is, aan die binnekant, 'n Ewige wese. Jy sien? So jy het nooit begin nie, so jy kan nie eindig nie, so jy het net Ewige Lewe. Dis baie goed.

3 Broer Dyson, ek het nog nie die voorreg gehad om hom te ontmoet nie, maar hy gaan voortgaan met hierdie diens deur volgende week, van vanaand af, hier by die kerk. En ek's . . . Ek hoop regtig dat daar 'n groot sukses tydens hierdie herlewing sal wees. Ek wens net ek kan hieragter iewers sit en net die goeie dinge van God indrink, terwyl ons broer preek. Ek hoor hy is 'n sendeling se seun van Jerusalem. En so is ek seker julle gaan hierdie bediening hierdie week geniet, van ons broer. As dit enigsins moontlik is, besoek, luister na hom, ondersteun hom. En diegene wat nie kan kom nie, en julle is weg van die huis af, uitstedig, nie kan terugkom nie, maak soos wat ek gaan maak, bid vir hom, en bid vir die sukses van die diens.

4 Ek onthou die eerste keer in Phoenix. Dit was hierdie kerk, dit was net in 'n ander plek. Dit was die kerk, maar 'n ander dak waaronder ons aanbid het, en die groot gemeenskap wat ons met Broer Outlaw gehad het. Ek het 'n plaat wat gedurende daardie diens gemaak is. En dis altyd . . . Wanneer ek soort van 'n bietjie sleg voel, begin ek hierdie plaat speel, en dis nou al amper deurgespeel. Miskien, dalk, is die man wat dit gemaak het, hier vanmôre; klein, rooi buigbare plaatjie. En dan, natuurlik, het ek baie van die vorige plate van hierdie jong koor hier wat sing, wat toe klein babatjies was. Ons put baie daaruit.

5 Toe ons hierdie mooi liedere gehoor het, het ek vir Broer Outlaw gesê: "Ek is bly hulle word opgeneem, want ek wil dit graag bestudeer. Ek hou daarvan om daardie liedere te hoor

en die bandopname te speel, die liedere te hoor wanneer jy gaan sit."

6 Daar's niks soos musiek nie. Julle weet, God genees met musiek. Het julle dit geweet? Uh-huh. God genees met musiek.

7 God genees met liefde. Sien? God genees met medisyne. God genees met gebed. God het baie maniere van genesing. Hang af van watter tipe jy nodig het.

8 Partykeer sal 'n bietjie liefde, wat betoon word, net 'n ou wond genees, 'n ou plek wat net 'n wrok of iets was. Dit sal sommer net genees, net 'n bietjie liefde, 'n bietjie omgee.

9 Partykeer wanneer jy terneergedruk voel, en, soos wat ons dit noem, 'n straatuitdrukking, bek-af is, sien, sit net een van daardie bandopnames aan, daardie musiek of 'n plaat, en begin dit speel. Die eerste ding waarvan jy weet, tik jy jou voet, of jou hand, en dan is dit alles verby. Jy's net weer op-en-wakker om aan te gaan.

10 Nou, hierdie ses-uur-Boodskappe, dis nie die evangelistiese soort nie, dis wanneer ek by die huis is en—en ek net soort van . . . Almal daar weet hoe om my te verstaan, net soort van lang-asem. En baie mense kan meer sê in vyf minute, julle sien, as wat ek in daardie ses ure kan sê. So, hang af van wat jy sê.

11 Nou, ek glo, vanmôre, ek het 'n klein notatjie hier gekry, dat 'n suster hier wat haar baba toegewy wil hê aan die Here. En ek het vir Broer Outlaw gesê: "Jy doop nie babas nie?"

Hy het gesê: "Nee." Nee, hy net . . . Hy wy hulle toe soos die Skrif sê om hulle toe te wy.

12 So ek—ek dink, op hierdie tyd, as hierdie suster, wat hierdie kleintjie het om te bring, dit sal bring. En ons—ons glo hierin, wat 'n doktrine van die Bybel is. En probeer die Skrif volg en die patroon wat die Here Jesus vir ons gelaat het, net so nougeset as wat ons weet hoe, is om te volg soos Hy dit gedoen het. En ons vind geen plek in die Bybel waar Hy hulle gedoop het of hulle selfs beveel het om gedoop te word nie. Hy—Hy het net . . . Hulle het gesê: "Hulle het kindertjies na Hom toe gebring, dat Hy hulle kon seën. En Hy het Sy hande op hulle gelê en gesê: 'Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die Koninkryk van God.'"

13 So as die orrelis of pianis sal, net vir ons bietjie van daardie mooi musiek sal gee, soort van stadig: "Bring hulle in, bring hulle in, bring hulle in uit die sondeveld." Ek glo julle ken dit.

14 Wat is die kêreltjie se naam? [Die ma sê: "Dis 'n dogtertjie. Dis Rebekah."—Red.] Rebekah. Van? ["Hammer."] Hammer. Hierdie is Broer en Suster Hammer. ["Ja."] God seën julle. Hierdie julle enigste een? ["Ons vierde dogter."] Vierde dogter. Jy behoort 'n evangelis te wees. Filippus het vier dogters gehad, jy weet. ["Dis reg."] En hulle was almal profetesse. [Die vader

sê: "Ek's nie 'n prediker nie."] Jy mag dalk nie wees nie, maar ek vertrou dat God jou in elk geval vier profetesse sal gee uit hierdie dogters, Broer Hammer.

15 Baie liefdevol. Sy gaap nou. Julle moet dit sien. Ek hou van hulle. Maar ek is altyd bang wanneer ek hulle optel, om hulle toe te wy, ek is altyd bang ek sal hulle breek. Julle weet, hulle is soort van. . . Ek—ek voel baie snaaks, om hulle op te tel. En my vrou sê altyd: "Jy kan hulle nie breek nie." So, maar hulle lyk so liefdevol. Hulle lyk net asof jy hulle moet hanteer. So ek gaan probeer om dit vas te hou, as dit reg is.

16 Nou, hierdie is 'n taak waarvan my vrou sou hou. Is dit nie 'n poppie nie? Klein Rebekah Hammer, hoe gaan dit met jou? Dis goed. Ons is dankbaar hiervoor, hoe God aan hierdie eenwording hierdie pragtige kind gegee het. Dit moet net van God af kom. Niemand kan lewe gee behalwe God nie.

Kom ons buig nou ons hoofde.

17 Ons Hemelse Vader, ons bring vir U vanmôre hierdie stukkie liefde wat in hierdie huis geplaas is, deur U groot hand. Hoe die moeder, hierdie maande, dit onder haar hart gedra het, verlang het om te sien hoe dit sou lyk wanneer dit gearriveer het. En hier is dit vanmôre, hierdie liefdevolle, pragtige dogtertjie. En sy gee dit 'n Bybelnaam. En kom nou na die altaar van God, sy en haar man, om dit toe te wy, om dit terug te gee aan die God wat dit vir hulle gegee het. Seën hulle huis, Vader, bid ons. Seën hulle familie. Seën hierdie klein Rebekah.

18 In die Bybel, vind ons dat die mense babatjies na U toe gebring het, dat U U hande op hulle kon lê en hulle seën. En as U net hier was op 'n sigbare wyse vanmôre, wel, sou hierdie ouer hierdie klein Rebekah na U toe gebring het. Ons besef, Here, dat ons hande baie swak plaasvervangers vir hierdie groot opdrag is, maar U het ons beveel om so te maak. Daarom, Here, gee ek klein Rebekah aan U, in die Naam van Jesus Christus, in 'n toewyding. Mag U haar lewetjie neem en dit gebruik, tot U eer, Here. En ons sal U prys daarvoor, in Jesus' Naam. Amen.

19 God seën julle. Mag die Here gee, die babatjie sal lewe, 'n goeie vrou sal wees en 'n groot dienaar van Christus vir môre, as daar 'n môre is. God seën albei van julle, so gaaf.

20 O, daardie outjies. Dis daardie onskuld. Ek het dikwels gedink hoe onskuldig 'n kind is. En tog, as ons net so onskuldig soos een van daardie kinders kon wees. . . Maar, uitgevind, ons is meer onskuldig, wanneer die Bloed van Jesus Christus ons gereinig het van alle sonde.

21 Nou laat ons blaai in die Skrifte. Vir julle wat daarvan hou om die Skrif te lees, laat ons blaai na die boek van Hebreërs, die 9de hoofstuk, vir 'n paar Woorde. Laat ons begin by die 24ste vers van die 9de hoofstuk.

*Want Christus het nie ingegaan in die heilig*dom *met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;*

Ook nie om Homself dikwels *te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom* ingegaan het *met die bloed wat nie sy eie is nie,*

Want dan sou Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het *Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur Sy offer weg te doen.*

En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

So sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sonde *van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.*

22 Mag die Here Sy seën voeg by die lees van Sy Woord. Kom ons buig ons hoofde nou vir gebed.

23 Almagtige God, Wat die begin van alle dinge is, Wat die wêrelde deur Jesus Christus gemaak het, ons kom in U Teenwoordigheid in, in hierdie gebou in vanmôre, as 'n vergadering van U mense: om eerstens onsself te offer aan U vir diens; om dankie te sê vir wat ons alreeds ontvang het uit U hand; in gebed dat U die lees van hierdie Woord sal seën. Mag die Heilige Gees voortgaan om die Woord werklik te maak vir ons, soos ons kyk na die Outeur van die Woord, want ons vra dit in Sy Naam, Jesus Christus. Amen.

24 Nou, ons gaan probeer, vanmôre, om net drie letters te neem, in 'n woord, *Kyk*, vir 'n onderwerp, en dit vir 'n tydjie te bespreek, soos wat die Here ons lei om te doen. Ek het 'n paar notas hier neergeskryf, en Skrif waarna ons kan verwys, soos wat ons aangaan. *Kyk*.

25 K, y, k, kyk. Die woord, eintlik, wanneer. . . Dit word baie gebruik. Maar: "kyk," wanneer jy die woord hoor, is dit gewoonlik iemand wat wil hê jy moet sien waarna hulle kyk. Hulle sê vir jou: "Kyk." Soos om in die pad af te gaan, jy, iemand, mag 'n sekere toneel sien, en hulle sou sê: "Kyk," en dan sê wat dit is. Dis by die berg, by—by die—die kaktus, of waarna hulle ook al kyk. Maar, eerste ding, om jou aandag te trek, is: "Kyk."

26 Nou, almal kyk, vandag. Almal soek na iets, soek na iets wat gaan gebeur.

27 Ons weet die wêreld is die heeltyd besig om die hemele dop te hou, die radar en die skerms wat ons opgestel het, om die wêreld, elke volk, vir sy eie verdediging, het—het 'n tower-oog, soort van, om te kyk om—om iets te vind wat op hierdie skerm sal verskyn,

soos 'n atoom-missiel of iets. Dan, het hulle iets om terug te gaan na die een wat dit hiernatoe gestuur het.

28 Alles kyk. Die Ford Maatskappy kyk om 'n beter Ford te maak. Die Chevrolet kyk, 'n beter Chevrolet te maak. Phoenix kyk om 'n groter en beter dorp te maak. Die volk kyk na meer grondgebied, sodat dit homself kan uitbrei. Die kerk, net kerk, kyk om meer lidmate te kry.

Maar die Bruid kyk na die Koms van haar Heer.

29 Ons kyk almal. Hang af van wat die stem vir jou probeer sê om na te kyk. Party van ons sê: "Kyk *hierna*." En as dit 'n kerk is, sê ons ons wil nog soveel meer lidmate hê vanjaar. Dis goed.

30 Maar die Stem wat ek graag vir julle wil sê vanmôre, is soos die skrywer van hierdie sendbrief, wat ons glo Paulus was, wat sê: "Kyk vir die Koms van Jesus Christus, die tweede maal," kyk vir Hom. Om dit te kan doen, moet jy iets sien voor jy vir iemand anders kan sê om te kyk na wat jy sien.

31 Noag het 'n ondervinding hiervan gehad. En hy, deur geloof, het hy die koms van 'n vloed gesien, 'n groot reën wat die aarde sou oordek en neem al die . . . die aarde afwas; die hertoewyding weer aan God. Die vieslikheid van die wêreld, wat die mense in daardie konglomerasie ingegaan het waarin hulle in daardie dag was, en dit moes alles afgewas word, om weer te begin.

32 Ek het pas 'n reeks dienste voltooi van die laaste sewe seëls. En gevind, in hierdie sesde seël, dat daar 'n groot onderbreking in—in die natuur is. Die maan, die sterre, die aarde wat uitspoeg. Die kerk word gereinig, Israel word gereinig, en alles word gereining onder daardie sewende seël, sodat die Millennium kan begin. Daar moet eers 'n reiniging wees.

33 En dis waarna die kerk, vandag, en waarna ek vir julle wil verwys, dat ons 'n reiniging nodig het. Voor enigiets kan begin van God, moet ons 'n reiniging hê. En wanneer ons kyk en dinge sien wat nou is, onder die huidige toestande wat nou bestaan soos hulle is, kan ons sien dat ons iets sal moet hê wat plaasvind voor God kan voortgaan met Sy program, en 'n reiniging. Baie van ons, sê ek, mag terugkyk na . . .

34 Ek het 'n bandopname, of, wel, dis 'n rolprentfilm wat verfilm is in Jerusalem, waar ons die Jode gevra het, toe hulle teruggekeer het uit Iran en baie plekke, 'n paar jaar gelede, omtrent vyf jaar gelede, hulle geliefdes op hulle rug gedra het, en hulle van die skepe afgebring het en uit die vliegtuie, ensovoorts, oppad terug. Hulle die vraag gevra: "Keer julle terug na die tuisland om te sterf?"

Hulle het gesê: "Ons kom om die Messias te sien."

35 Wanneer julle Israel sien, daardie boom, wat bot, is dit 'n groot onderskeidingsteken. Die tyd is op hande wanneer Israel 'n nasie word, en sy is 'n nasie vandag.

36 Ons sien dinge gebeur, wat, vir die wêreld, is dit net so blind vir hulle as wat dit was in die dae van Noag. Maar vir ons wat kyk vir Christus, die tweede maal, is dit 'n onderskeidingsteken dat Hy binnekort kom. Ons sien iets wat gereedmaak om te gebeur, en hang af van waarna jy kyk.

37 Nou, Noag het geweet volgens die Woord van God dat daar 'n vloed sou kom. Deur geloof het hy dit gesien. Hy het geweet dat dit sou wees, omdat God se Woord dit belowe het. Nou, Noag, self, deur geloof, het gesien wat God se Woord gesê het. Maar die wêreld kon dit nie sien nie, omdat dit nie wetenskaplik bewys kon word dat daar water bo in die lug was nie. Maar Noag het geweet dit was daar, omdat God so gesê het.

38 Dis die Kerk, die Bruid, die geroepenes vandag, weet dat die Koms van die Here op hande is, ongeag hoeveel ons gevorder het in vooruitgang, ensovoorts, en geslaag het om 'n atoom te split, en—en 'n—'n radarboodskap na die maan toe te stuur. Dit beteken niks vir die gelowige nie, net 'n teken dat die Koms van die Here op hande is. Ons sien volke verbrokkel, en die volke wat val, uitmekaar uit val, en die wêreld wat uitmekaar uit val, en die kerkbeweging wat uitmekaar uit val. Dan, word ons geleer, dat: "Ons 'n Koninkryk ontvang wat nie beweeg kan word nie." Maar soos hierdie dinge begin gebeur, verbind die Kerk Ditself, hegter en hegter saam, met die . . . deur die Woord van God. Dis 'n groot dag waarin ons lewe. En ons is . . .

39 Almal kyk na iets. Jy mag vandag kyk na 'n tyd om huistoe te gaan, om jou middagete te eet. Daar mag 'n—'n piekniek vanmiddag wees, waarheen jy jou familie neem. Daar mag die een of ander ding wees, volgende week, wat jy kyk dat 'n buurman sal kom, of 'n vriend. Maar almal kyk vir iets.

40 En as 'n groep gelowiges vandag, saam vergader, wil ons ons gedagtes vestig, ons beginsels en dinge, op die Koms van die Here: "Te kyk na Christus, Wat die tweede maal sal verskyn, sonder sonde tot saligheid, vir hulle wat glo en kyk vir Hom om te kom." God, hier, die . . . nooi ons uit, deur die skrywer, om—om hierdie te aanskou en daarna te kyk. Ons . . . Die skrywer sê hier, dat: "Ons kyk vir Christus, die tweede maal, om Hom te sien soos Hy is."

41 En nou weet ons dat die Woord Christus is. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." En Hebreërs 13:8 het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Daarom is dit dan die Woord waarna ons kyk, want Dit is die—die uitdrukking van wat God is. En toe God in Christus gekom het, was Hy die uitdrukking van wat God was. En wat Hy ook al was, bly Hy altyd, want Hy's Ewig en kan nie verander nie.

42 Watter hoop gee dit ons, dat God ons nie gelaat het sonder 'n ware getuie in die dae van verwarring waarin ons vandag lewe

nie! Tog, is ons beslis bevoorregte mense, as ons net sal kyk na die ware getuie wat ons het, die Woord, sien, want dit is God se volle openbaring van Jesus Christus. Niks kan Daarby gevoeg word of Daaruit weggeneem word nie, want Dit is die openbaring van Jesus Christus.

43 God het nooit Sy mense gelaat sonder ’n ware getuie nie. God gaan die wêreld oordeel volgens Jesus Christus. En as Jesus Christus die Woord is, dan oordeel God die kerk, of die wêreld, volgens die Woord, want Hy is die Woord. Daar kom ’n Oordeel. Die sondaar weet dit.

44 Baie mense, wanneer jy van Kerk praat, het hulle ’n snaakse idee. Die wêreld, wanneer hulle by die Kerk verbygaan, ek bedoel, die Liggaam van Christus wat saam vergader is, dink hulle aan ons vroue met groot, lang hare wat afhang, met swart rokke en alles. En hulle dink aan die mans met lang vingers, geklee in swart klere, en wat hulle altyd bestraf. Vir ’n groot deel van die wêreld is dit waar, want: “Die Kerk is eienaardige mense, ’n uitverkore volk.”

45 En die rede waarom dit so lyk vir daardie man wat die Kerk wil oordeel in daardie toestand, is omdat die Kerk altyd ’n oordeelsvinger wys na alles wat hy dink goed is. En as hy ’n sondaar is, dink hy sonde is goed, die plesiere van die lewe, soos om in die wêreld te lewe. En wanneer die Kerk opstaan en daardie ding veroordeel, lyk Dit soos ’n verskriklike dier vir hom. Maar as hy net weet, dis God se enigste manier om tot bekering te bring, dis reg, die Woord van God te uiter deur die lippe van Sy diensknegte.

46 Nou, God kon gekies het om die Evangelie te verkondig deur die son, deur die maan, deur die sterre, deur die wind, of deur die natuur. Maar Hy het mans gekies om die Evangelie te verkondig, en dis waar die Stem van God vandaan sal kom. En jy kan die stem beoordeel volgens die woord wat dit uitspreek, dan kan jy sien na watter soort stem jy luister. As dit teenstrydig is met die Woord, moet dan nie daarna luister nie. Maar as dit die Woord is, dan is God verplig om daardie Woord te ondersteun en Dit te bevestig en Dit die Waarheid te maak, omdat Hy belowe het om dit te doen. So ons woon in ’n groot dag, hierdie Woorde van Christus uitgedruk.

47 Toe Hy in die wêreld ingekom het, was Hy die Woord, Self. Dit was nie nodig dat Hy enige boeke skryf nie. Hy het nooit ’n boek geskryf nie. Hoekom? Hy was die Woord. Dit was nie nodig dat Hy oor enigiets skryf nie, want Hy was wat die ander oor geskryf het. Hy was die Woord. Daarom, het Hy nie enigiets met Sy Eie hand geskryf nie. Hy was die Woord, Self. En Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, so Hy bly steeds die Woord.

48 Hy het vir die Jode gesê, eendag, Hy het gesê: "Wie kan My van sonde aankla?" Nou, *sonde*, is "ongeloof." "Wie kan hulle vinger na My wys en sê dat Ek nie elke Woord vervul het wat geskryf is oor My nie?"

49 Sou dit nie 'n wonderlike ding wees vanmôre nie, my broers en susters, as die Kerk van die lewende God kon staan en sê: "Wie kan my van sonde aankla? Elke gawe wat God in die Bybel belowe het, en alles wat Hy belowe het wat gedoen sou word, dit werk reg onder ons vandag"? Is dit nie 'n wonderlike ding nie? Wie kan? Dan ons . . . Die denominasionele gedagtes hou net op bestaan wanneer ons God namens Homself sien spreek.

50 Soveel mense kyk na verskillende . . . Niemand wil sterf nie. Niemand wil verlore gaan nie. Almal wil in die Teenwoordigheid van God wees. Ek wil, julle wil, almal wil. Maar ons is nie gewillig om te kom op die manier wat God vir ons voorsien het om te kom nie. Sien? Dis wat dit soveel anders maak.

51 My seun, Billy het, nou die dag, vir my 'n kamera gegee. En hy het vir my 'n—'n voorwerp gewys. Hy het gesê: "Pappa, neem daardie foto daarbuite." Wel, dis 'n klein 35mm Petri. En ek het die kameratjie opgetel en na die voorwerp gekyk. Daar het omtrent drie van daardie voorwerpe daarbuite gestaan, 'n Saguaro kaktus. Ek kon een stam sien, twee stamme, drie stam. En ek het dit weer laat sak, gekyk, daar was net een stam. Ek het dit weer opgetel, dit het gelyk of daar drie stamme was.

52 Wel, dis net soos ons partykeer uit fokus raak. Het 'n Afstandmeter. En ons iets van God ver terug êrens anders, en so-iets probeer sit, het ons miskien nie ons Afstandmeter gebruik nie. Laat die Heilige Gees ons idees van onsself af wegkry en ons kerkteologie, en laat die Afstandmeter inkom en ons verbind, sal julle nie drie of vier sien nie. Julle sal een voorwerp, van God sien. Sien?

53 Deur deur dieselfde kamera te kyk, kan 'n man iets sien, maar sy eie intelligensie sê vir hom daar's net een stam daarbuite. Sien?

54 Maar dis hoe die Heilige Gees maak, as ons Dit net sal toelaat om Sy verloop te neem. Dit sal die Woord Self neem en Dit in fokus bring, tot waar ons sien waarna ons kyk. En dan sal julle miskien uitvind, as mense wat jou iets wil probeer wys, aan die einde van die dag, dalk nie so verkeerd is nie, julle sien; as julle net die Afstandmeter sal laat begin, die Woord Self, die Woord in manifestasie begin wys. Amen. Dit sal—dit sal dit doen as julle dit net sal toelaat. Sien? Maar julle moet die Afstandmeter gebruik, om te kry jou—jou . . . As dit een keer die kol getref het, sal dit dit weer tref.

55 Ek—ek hou daarvan om—om te skiet, en—en die teikens. En hier nie lank gelede nie, het ek eekhorings gejag onder in Kentucky. Daar was . . . Ek het 'n model 75 geweertjie gehad. Dit

klink . . . Ek hoop nie dit klink ontheiligend vir julle, om hierdie in ’n preek te sê nie, maar ek—ek sal julle vertel. Ek probeer ’n punt maak. En hierdie geweertjie, ek het dit ingeskiet. En ek het met gewere gewerk en gelol vandat ek ’n klein seuntjie was. Ek—ek hou van hulle. En ek—ek het hierdie 75 modelletjie gehad tot ek net, elke keer, ’n eekhoring se oog daarmee kon tref op vyftig treë.

56 Ek het ’n papier van die skietbaan gehad daaronder, onderteken, dat: “Nege koeëls deur dieselfde gat geskiet, op vyftig treë, op ’n reënerige, winderige dag.” En ek het dit laat onderteken en notileer. En dit was natuurlik die Here wat my gehelp het, om dit te doen. Dis ongewoon.

57 En ek het die eekhoring begin skiet. Ek het uitgevind, ek het hom iewers anders as in die oog getref. Ek het senuweeagtig geraak. Ek het weer probeer, op papier, en dit wou nie die teiken tref nie. Dit sou tref binne, o, kwartduim, of halfduim, so-iets, op vyftig treë. Maar ek het geweet dit kon beter vaar as dit. Ek het alles aan die geweer gedoen wat ek geweet het om te doen, en niks het dit blyk—blykbaar reggemaak nie.

58 So ek het dit toegedraai in die boks en dit teruggestuur na Winchester Maatskappy vir ondersoek, vir herbedding. Hulle het vir my ’n mooi brief geskryf wat ek het, my lêer by die huis. En dit het gesê—gesê: “Eerw. Branham,” gesê: “daardie—daardie geweer sal ’n duim groepering skiet op vyf-en-twintig treë.” Gesê: “Dis net ’n 75 model.” Gesê: “Dis nie ’n teikengeweer nie. Dis net ’n klein goedkoop geweertjie.” En gesê: “Jy sal nooit enigsins beter kry as dit nie.” Nou, dit was die Winchester Maatskappy wat die geweer gemaak het, wat gesê het: “’n Duim op vyf-en-twintig treë,” en ek het nege reguit gate geskiet op vyftig tree.

59 Nou, hier’s my gedagte. My vrou het gesê: “Nou kyk, Bill,” sy het gesê: “as daardie maatskappy, wat die geweer gemaak het, net dit gesê het, en dit sal nie beter doen as dit nie, wie is jy dan om dit te sê.”

60 Ek het gesê: “Skat, hier is wat dit is. Ek gee nie om wat die maatskappy sê nie. Ek het dit dit sien doen, en ek weet dit sal dit doen.”

61 En ek het daar gesit, toe die ander broers na eekhorings geskiet het. Enige plek waar hulle hulle wou tref was reg, middel, rug, of enige plek. Ek het onder ’n boom gesit en huil. Ek het gesê: “God, ek’s so senuweeagtig. Ek kan nie myself beheer nie. Hoekom het U my so ’n senuweeagtige kêreltjie gemaak?” En net . . .

62 Ek besef waar ek hier staan, die Bybel voor my. En ’n Stem, net so duidelik soos wat julle myne sou hoor, het gesê: “Jy is so gemaak vir ’n doel.”

Want, totdat jy—jy weet dat daardie geweer een keer die kol sal tref, want . . . As dit een keer die kol getref het, liewer, sal dit weer die kol tref. Dis dieselfde geweer.

63 Daarom, sien ek dit. Sien? As deur hierdie Woord te gehoorsaam, hierdie Afstandmeter te neem en Dit af te bring na 'n plek tot waar ek dieselfde ding kan sien wat daardie apostels gesien het, dieselfde Evangelie wat hulle gepreek het. Dit sal dieselfde resultate bring, want Dit het vir hulle. Dit sal elke keer die teiken tref. Maak nie saak wat die kerke sê, en die mense wat aanspraak maak om te wees nie, ek—ek weet Dit sal Dit doen. Want . . . En daar is waarna ek wil kyk, daardie Woord, om te sien dat Dit presies in fokus is, om dieselfde visioen te sien wat hulle gesien het. En Dit sal dieselfde werk doen as wat Dit vir hulle gedoen het. Dit sal die siekes genees. Dit sal die dooies opwek. Dit sal duiwels uitdryf. Dit sal 'n glorieryke Kerk voortbring Wat gewillig is om hulle getuienis te verseël met hulle eie bloed as dit nodig sou word om dit te doen. Want, dit hang af na wat jy kyk.

64 Nou as ek gekyk het na wat die Winchester Maatskappy gesê het, wat veronderstel is om die een te wees wat—wat die geweer gemaak het, dan sou ek na hulle geluister het. Maar ek het anders geweet.

65 Nou as ek na die kerk kyk, en hulle sê: "O, daardie dae is verby, en daar is glad nie so-iets soos *Daardie* nie," en, sien, sien waar sou jy wees? Dit sou ver van die teiken af wees. Sien?

66 Maar as Hy ooit God is, is Hy steeds God. Hy was altyd God, en Hy kan niks anders behalwe God wees nie. En Hy is, Ewiglik, God. Daarom, wil ons kyk na daardie Teiken; nie na watter teiken die kerk skiet nie, maar na watter Teiken Christus skiet.

67 "Ons kyk vir Christus om te verskyn, dieselfde Jesus." Hy het gesê, toe Hy op aarde was: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie. Tog, sal julle My sien, want Ek sal met julle wees tot aan die voleinding van die wêreld." Daardie selfde Een Wat die Woord kon rig, en die Woord kon wees, en Dit reguit op die Teiken kon rig, daardie selfde Here Jesus is hier vanmôre in die vorm van die Heilige Gees, om ons gedagtes te rig en in te fokus, Sy Woord, op een ware en lewende God, op een doel, op een prestasie. En as ons Hom dit net sal laat doen, sal Hy die Woord reg op 'n plek infokus wat sal bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Hang af van waarna jy wil kyk.

68 Ons moet ons lewens infokus. Nie op wat iemand anders sê nie, maar ons lewens infokus op Hom. En Hy is die Woord. Sien? As ons ons lewens opgelyn kry met die Woord, dan word die Woord en ons lewens dieselfde. Hy het gesê: "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra dan wat julle wil. Dit sal vir julle gegee word. Voorwaar Ek sê vir julle, as jy vir hierdie berg sê: 'Hef jou op,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur; kan jy kry wat jy gesê het." O, goeiste! "Nie wat Ek

gesê het nie; wat *jy* gesê het, kan jy kry," want jy en Hy word dieselfde. Want, die gesindheid wat in Christus was, is in julle. En die gesindheid wat in Christus was, was om die Vader se Woord te vervul. Wat, Hy was die Woord. Daar het julle dit. Dan is jy en die Woord in fokus met mekaar. Jy word 'n lewende eenheid van God. Hoe wonderlik!

69 Daar was 'n tyd toe die mens se sondes. . . Toe die mens voor God gesondig het, het hy 'n groot kloof oorgesteek. Soos 'n skrywer hier gesê het, dat "Hy verskyn het in die laaste dae vir saligheid vir hulle wat daarna gesoek het." Nou, hierdie groot kloof wat die mens oorgesteek het, het geen pad terug vir hom gelos nie. Hy kon nie weer terugkom nie, want hy het daardie skeidslyn tussen hom en God oorgesteek.

70 God, wat vol genade en barmhartigheid was, het 'n plaasvervanger geneem, en dit was 'n lam of 'n dier, is geoffer, 'n plaasvervangende dood. "Maar die bloed van bulle en bokke," soos Hebreërs hier gesê het, net voor waar ek gelees het: "kan nie sonde wegneem nie." Dit het net sonde bedek. Dit was 'n ware versoening, maar dit het net sonde bedek, want dit het gespreek met 'n goeie gewete, deur vorentoe te kyk na wanneer die Bloed sou kom wat sonde sou reinig, dit sou skei, dit sou wegneem vir altyd.

71 Nou, toe Jesus gekom het, was Hy nie net 'n man nie. Hy was nie net die derde persoon in die drie-eenheid nie. Hy, Hy was God. Hy was God, Self. Hy, Hy was Emmánuel. En ons word geleer, in die Bybel, dat: "Ons gered word deur die Bloed van God." Toe God Self een van ons geword het, het Hy—Hy Sy—Sy—Sy, wat Hy was, verander. Hy het Sy tent verander. Hy het afgekom, neergedaal uit die Heerlikheid, en mens geword. Daarom, gebore sonder seks, het Hy vir Homself 'n liggaam geskep waarin Hy Self gewoon het. Emmánuel, God verteenwoordig saam met ons, die Woord wat vlees geword het onder ons, en saam met ons geleef het, om baie seuns terug te verlos na God, deur die uitstorting van hierdie Bloed.

72 Die liggaam, was beslis Christus. Dit was die Gesalfde. En as *Christus* "die Gesalfde" beteken, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en Hy is die Woord, dan is die Woord die salwing. "As julle in My bly, en My Woord in julle, sê dan wat julle wil." Dis die Woord van God, die gesalfde Woord, dis wat dit doen.

73 Nou, daar was 'n tyd, soos ek opgemerk het, dat 'n vrou, wanneer sy 'n vlek op 'n—'n stuk wit lap gekry het, sy. . . Daar's geen manier om dit uit te kry nie. Ek onthou toe my ma altyd swart koffie op vet gesit het, om die vlek uit iets te probeer uitkry. Ek onthou 'n tyd toe sy altyd die ou terpentynbottel geneem het en die vlek probeer uitwas het, steenkool-olie ensovoorts, om die vlek uit 'n kledingstuk te kry. Wel, jy sal dit net nie goed uitkry

nie. Daar's steeds 'n oorblyfsel daarvan. Dit, in simboolvorm, wil ek graag neem, as die bloed van bokke en skape, ensovoorts.

74 Maar nou het hulle 'n produk vervaardig wat bleikmiddel genoem word. En daardie bleikmiddel, Clorox of wat dit ook al is, dis 'n bleikmiddel wat vervaardig is. En wat, vanmôre, as ek 'n kom vol bleikmiddel gehad het wat hier staan, en 'n —'n oogdruppertjie met swart ink daarin? Laat ons 'n oomblik bestudeer. Wat is daardie swart ink? Baie daarvan is water. Maar, die kleur, waar het die kleur vandaan gekom? Die kleur moes begin. Ons weet dis 'n skepping. So as dit begin het met 'n skepping, moes dit van 'n Skepper af gekom het voor dit 'n skepping kan wees.

75 Ek weet nie wat hierdie woorde beteken nie. Ek kon dit nie afbreek nie. Maar verskoon julle die woorde wat ek gaan gebruik, maar om 'n punt te maak. Wel, laat ons sê, wel, wanneer dit val . . .

76 Hierdie druppel ink, nou, dit was vir 'n doel. Daardie kleur het daardie kleur geword vir 'n doel. Daardie een druppel ink kan jou doodsvonnis onderteken, kan jou na die elektriese stoel toe stuur. Of daardie een druppel ink kan jou kwytskeld van jou sondes. Dit is hier gesit vir 'n doel. Ons moet dit gebruik vir die regte ding.

77 Maar, byvoorbeeld, dis voltooi. En ons laat daardie een druppel ink in 'n kom bleikmiddel val. Wat gebeur daarmee? Jy sien niks gebeur nie, maar daar's niks kleur meer nie. Die kleur breek op. Jy weet nie waar dit heen is nie. Wel, dit het teruggekeer na sure. Natuurlik, die water is 'n vorm, met H_2O, dit gaan terug, die water, terug na die water wat in die bleikmiddel is. Maar die chemiese middel in hierdie bleikmiddel het dit so volledig afgebreek, totdat jy glad nie meer 'n vlek daarvan kan vind nie. Dis weg. Dit het opgebreek in, sê, dit het teruggegaan na sure. Waar het sure vandaan gekom? Dit gaan verder terug, sê, dit het gekom van—van atome, wat, of molekules. En watter molekules? Molekule van atome af, atome na elektrone, sovoorts en so aan, soos jy aangaan.

78 Laat ons daaraan dink. Toe dit destyds daar begin het, ons sê dit het vanaf 'n atoom gekom, of vanaf 'n molekule, sê, molekule vier-een maal molekule ses-nege het molekule H gevorm. Wat as dit ses-agt was in plaas van ses-nege? Dit sou pienk uitgekom het in plaas van swart. Iets moes dit bepaal het. Wat as dit atoom maal vier, maal ses, maal elf was? Dit moes wees . . . As dit ses in plaas van elf uitgekom het, sou dit bruin wees. Sien? Dit moes van iewers af gekom het wat dit ontwerp het.

79 Kyk by die venster uit na daardie palmboom. Wat is dit? Dis vulkaniese as met 'n lewe daarin. Kyk oorkant die straat daarvan af, sien julle 'n eucalyptus. Wat is dit? Vulkaniese as met lewe daarin, 'n ander soort. Kyk, julle sien 'n roos. Wat is

dit? Vulkaniese as met lewe daarin. Waar het die kleur vandaan gekom? Dink net daaraan. Wel, Wie het daardie blom gekleur? Daar is twee blomme, van dieselfde spesie, een is geel en die ander een is rooi. Albei van hulle kom van 'n klein saadjie af. En wat, waar het die kleur vandaan gekom? Deel daarvan is groen, deel wit, deel rooi, deel geel, waar het die kleur vandaan gekom? Dieselfde son het op dieselfde plek geskyn. Iets moes dit bepaal. Dis 'n natuurlike stof, so dit moes 'n skepping iewers gehad het. Nou kyk dan, wat doen dit? Dit gaan reguit terug na die begin, na 'n Skepper.

80 Dan as sonde 'n vlek op 'n mens gesit het, en Moses, deur 'n skaap te offer, die—die Stem van God kon neem . . .

"Ek sal My Woorde in jou mond plaas."

81 En hy het daar uitgestap met die Woord van God, en gesê: "Laat daar vlieë wees." En daar was nie 'n vlieg, nêrens nie. Binne minder as vyf minute, miskien, het 'n ou groen brommer begin rondzoem. Binne nog tien minute, was daar miskien twee pond per vierkante tree. Wat was dit? Die Woord van God in die mond van Sy profeet. Die Woord van God is skeppend, maar dit moet uit die regte bron kom.

82 En dan as God daardie man kon neem, en 'n brug daaroor kon bou, deur die bloed van skape en bok, en die Woord van God skeppend kon maak deur die mond van 'n man, hoeveel te meer . . . nie net, maar die skeppings . . . of die krag van die offer van 'n bul of 'n bok. Maar die Bloed van Jesus Christus, dat wanneer sonde bely word en in daardie bleikmiddel van God val, die eie . . . God se eie skeppingsmanier om die vlek te verwyder, so ver, dat dit in die See van Vergetelheid gesit is, om nooit weer onthou te word nie.

83 Wanneer 'n man sy sondes bely en regmaak met God, en God laat val die sonde van hierdie belydenis in die Bloed van Sy eie Bloed, en vergewe daardie sonde, en—en vervang in daardie man die oorspronklike Gees wat daar moes gewees het, Sy eie Gees, om hom 'n seun van God te maak, hoeveel te meer behoort die skeppingskrag van God in die Kerk te wees! Sien? Dit breek elke muur van sonde af. Dit breek af. Sien?

84 Mense probeer vandag sê: "Daardie woorde was destyds vir 'n ander eeu." Dit is, as jy steeds onder daardie Bloed uit is.

85 Maar as jy onder daardie Bloed is, bly die krag van God deur Sy Woord dieselfde. Dit moet dieselfde wees. As Hy dit kon doen deur die bloed van skape en diere, wat van die Bloed van Jesus Christus?

86 Ek kon dit doen. Ons moet ons lewe laat ooreenstem en dit fokus op die Woord van God. Net soos ons 'n fotokamera sou, of die regte fokus probeer kry voor ons dit afneem, en ons dan die regte egte foto sou hê. Dis wat ons wil doen, om ons lewens in Jesus Christus te fokus, dat jy en Christus dieselfde Persoon

word. Jy is 'n aangenome seun van God deur die Bloed van die regverdige Jesus Christus.

87 Dan sou die Kerk aanbeweeg sonder wrywing, sonder seerkry, sonder skade, sonder—sonder twyfel, sonder aarsel, sonder wrywing. Dit sou beweeg in die krag van die Woord van God, elke Goddelike seëning manifesteer wat God Daaraan belowe het, as dit dit net sou wou doen.

88 Ons moet in ons lewens doen, en Hom dan sien en Hom alleen sien, nie 'n biskop, 'n groot man, of iets wat ons naboots nie, maar ons kyk na Jesus Christus. Nie 'n organisasie nie, nie 'n pous, of—of 'n aartsbiskop van Kantelberg, of 'n ander "Goddelike man," wat ons op aarde noem nie. Maar ons moet kyk na Jesus Christus. Hy is die Woord. En die en- . . .

89 Abraham, toe hy gevra is om in 'n vreemde land te vertoef, en te kyk na die belofte, het hy nooit die belofte betwyfel nie.

Die Christen kyk na die onsienlike.

90 Onthou, jy is toegerus met vyf sintuie. Een van hulle is sig. Maar ek sal aan jou bewys, jou sig sien nie alles nie. Hier, vanmôre, reg in hierdie kamer net nou, is daar lewende voorstellings van skepsels in hierdie kamer. Daar's lewendige stemme in hierdie kamer. As julle nie, gaan skakel dan die televisie aan en kyk of daar nie mense van ver oorkant die volk is wat net hier in hierdie kamer vanmôre verteenwoordig word nie. Hulle beelde en hulle wesens gaan deur hierdie kamer. Is dit waar? Hoekom? Enigste manier wat jy dit ooit sal weet, is 'n sender, om dit op te vang en dit in werklikheid in te stuur.

91 En die enigste manier wat die Kerk ooit sal weet dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, is om in daardie sender in te kom, die Bloed wat ons sondes wegstuur van ons af, en ons oor daardie kloof bring, in die Teenwoordigheid van God in, as seuns van God waarin Hy Homself verteenwoordig. O, wat 'n groot ding! As ons daarna sou kyk, vanmôre, sou ons die verskille van die dinge wat vandag in die wêreld is vergeet, en die dinge waarna die ander mense kyk, en die groot getalle ensovoorts. "Ons kyk na Jesus Christus, Wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is."

92 Nou onthou, die hele Christenwapenrusting is bonatuurlik, as jy 'n Christen is.

93 Jy sê: "Sien is glo." Jy kan nooit 'n Christen wees as jy dit glo nie.

94 "Want geloof is die vaste vertroue van die dinge waarop ons hoop, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Jy kan nie 'n Christen wees en die ding moet sien nie. Die hele wapenrusting van God is bonatuurlik. Liefde, vreugde, vrede, geloof, lydsaamheid, goedheid, sagmoedigheid, sagtheid,

en Heilige Gees, dis alles onsigbaar. En die Christen kyk nie na wat hy met sy oë sien nie. Hy kyk na wat hy met sy geloof sien.

95 En sy geloof kan net gebaseer wees op een ding, dis die Woord. Amen. Nou voel ek soos 'n skreeuende Baptis. Ja, meneer. Sien? Wanneer jy by daardie Woord kom, dis die lewende ding. Dis die Woord. Wanneer jou verstand en jou oë net op daardie Woord gevestig kan wees, en dit kan infokus totdat jy presies sien wat God doen, wat 'n wonderlike ding.

96 Abraham het dit gesien. Sien? Hy het nie gekyk na enige van die misverstande van die belofte nie. Wat as hy sou kyk en sê, "Hier is ek vyf-en-sewentig jaar oud. En *so-en-so* 'n stem het met my gepraat en gesê ek moet 'n baba by my vrou hê. Sy is vyf-en-sestig jaar oud, omtrent vyftien, twintig jaar verby menopouse"? Wat sou hy gedoen het? Maar wat het hy gedoen? Hy het nooit enige aandag geskenk aan wat die natuurlike dinge was nie. Hy het gekyk na wat God gesê het. Dit het so 'n werklikhied vir hom geraak, dat hy niks anders gesien het behalwe wat God gesê het nie. Hy het sy huis verlaat. Hy het homself geskei van alle ongeloof, enigiets wat hom sou probeer wegtrek. Hy het homself geskei sodat hy alleen kon wandel.

97 Dis wat elke ware gelowige moet doen. Skei jouself van hierdie twyfelaars en ongelowiges, en wandel met Christus. Dit, dis Lewe, vir jou.

98 En Abraham het so-iets gedoen. En vyf-en-twintig jaar later, vind ons dat hy steeds in dieselfde belofte geglo het. Hoekom? Hy het sy—sy denke gevestig op die wil van God, deur die Woord van God, en dit geglo.

99 As ons onsself kan fokus op die plan van God, op wat God vir ons wil hê, en wat God ons belowe het, en al die res uitlos. Maak nie saak hoe lank dit is nie, hou net aan glo.

100 Romeine 4 hier, ons vind Romeine 4:14. Dit het gesê: "En hy het nie, deur ongeloof, aan die belofte van God getwyfel nie." Hy het hom glad nie laat besoedel deur ongeloof nie. Hy het na een ding gekyk, dit was, die Stem wat met hom gepraat het.

101 Dis wat die Kerk vandag behoort te doen. Kyk na die een ding, die Stem, die Woord van God wat met ons praat. Kerke en mense kan enigiets sê. Maar, kyk na die Stem. Waarna kyk ons?

102 Hy het gekyk na die Stem wat met hom gepraat het. "Hy het alles genoem, wat teenstrydig met daardie Stem was, asof dit nie was nie." En tog, materieel, was dit so ver uit fokus met die wêreld as wat Noag se tyd was. Dit was net so ver uit fokus.

103 Hoekom? Noag se tyd, kon hulle nie bewys daar was reën daarbo nie. Maar Noag het geweet, as God so gesê het, was Hy in staat om reën daarbo te plaas.

104 Abraham het geweet dat sy—sy liggaam so goed soos dood was, maar hy het nie sy eie liggaam in ag geneem nie. Hy het

nie die doodheid van Sara se skoot in ag geneem nie. 'n Jong meisie, hy het met sy halfsuster getrou, al hierdie jare saam met haar gelewe. En nou is sy negentig jaar oud, en hy is 'n honderd jaar oud. Maar hy het nie eers daaraan gedink nie. Dit het nie eers in sy gedagte opgekom nie. Hoekom? Hy het al die ongeloof uitgefokus. O, glorie!

105 Dis wat die Kerk behoort te doen. Dis wat elke lidmaat van die Kerk behoort te doen, alle ongeloof uit jou sou uitfokus. Kyk net na daardie Woord. Dit het dit belowe. God het so gesê. Dit moet so wees.

106 Die Bybel het gesê: "Teen hoop, het hy op hoop geglo. Hy het nie, deur ongeloof, aan die belofte van God getwyfel nie, maar was sterk, het aan God die eer gegee." Elke dag het hy sterker geword omdat die wonderwerk groter sou wees.

107 Partykeer kan ons nie van een aand tot die volgende wag nie. Partykeer kan ons nie van een herlewing tot die volgende wag nie. Ons moet uitgaan en verstrengel raak in die dinge van die wêreld. Hoe ons onsself behoort te skaam.

108 Voor ons hiernatoe kom om te bely en in daardie Bloed van Jesus in te kom wat ons reinig van alle sonde, behoort ons onsself in te fokus, om daardie een ware lewende God daar te sien staan, Wat die belofte gemaak het, dat: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar Sy Woord kan nie faal nie." Bly net daar Daarby, dan word jy nie rondgeslinger deur winde van doktrine, rondgedra van plek tot plek, van bakboord na stuurboord nie.

109 Maar jy weet waar jy staan, want jy is ingestel met God. Jy sien jou eie lewe daardie teiken tref, net soos daardie apostels het. Jy lewe soos hulle het. Jy is gedoop soos hulle was. Jy sien dieselfde resultate wat hulle gesien het. Jy sien dit binne-in jou werk. Jy is ingestel. Ek gee nie om wat die maatskappy sê en wat die denominasies sê nie. Jy is ingestel, omdat jy weet dat jy die teiken tref. Amen. Dan weet jy waar jy staan. Hang af van waarna jy kyk. As jy kyk na iemand anders, kan jy na enige kant toe gaan. Enige klein windjie sal jou van die teiken afwaai. Maar, o, jy kan nie van die teiken afgewaai word wanneer jy ingestel is nie. Dis al. Daar's niks wat dit gaan stop nie. God dra dit tot by sy . . .

110 Net soos Dawid se klein klippie in die slingervel, dit het reguit na sy bestemming toe gegaan.

111 So sal jou gebede ook reguit na hulle bestemming toe gaan, omdat dit gedoen is in die Bloed van Jesus Christus, wat jou reinig. Daar's nie 'n sonde of 'n kol iewers op jou nie. Dis reg. Daar kan nie wees nie. Solank daardie Clorox tussen my en God is, hoe gaan Hy my sonde sien? Hoe kan Hy dit doen?

112 As ek 'n sonde doen, is dit nie opsetlik nie. "Hy wat opsetlik sondig, nadat hy die kennis van die Waarheid ontvang het." Maar daar's geen opsetlike sonde nie, tog sondig jy. Maar jy doen dit

nie opsetlik nie, want, in jou hart, bedoel jy—jy nie om daardie dinge te doen nie.

113 Maar wanneer jy dit opsetlik doen, is dit anders, dan dink ek nie jy was daar in die eerste plek nie.

114 Nou, die ding daarvan is, is kom by 'n plek waar al die vlekke van sonde weggewas is. Dan staan jy, verlos deur die Bloed van die Lam. Jy is 'n Adam, soos hy was voordat hy geval het. Jy is 'n seun van God, gewas in die Bloed van God se Eie Bloed.

115 Dit was bloed wat 'n kind voortbring. Dit was net bloed, alleen. Die bloed kom vanaf die manlike geslag. Die bloed kom van die man af. Die vrou, sy bring die eier voort, die vuller. Maar die man is die hemoglobien, wat, daar kom die kiem. En in die kiem is waar—is waar die lewe lê.

116 En die Lewe kom nie deur belydenis in 'n kerk, of geloofsbelydenis, of 'n dokument nie. Maar die Lewe kom wanneer jy weer gebore word deur die Bloed van Jesus Christus, die—die Kiem. "Die—die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Daar is daardie Lewe van God, as 'n seun van God, gebore uit die Bloed van God. En jy's. . . Dieselfde Heilige Gees wat hierdie Bybel geskryf het, sal Dit weer reguit terugfokus in jou. Daar's nie 'n denominasie of 'n geloofsbelydenis wat dit kan doen nie. Net God Self kan die kamera van jou oë beetkry en jou laat sien wat God is, en wat Sy doel is. Ja, meneer. Beslis.

117 Nou, vind ons uit, Moses. Ons vind uit, later, het hy—hy gebou. . . Hy het Israel gesien. Moses, die groot profeet, hy het by die vensters uitgekyk. Hy het grootgeword in Farao se howe. En hy het by die venster uitgekyk en hy het 'n klomp moddertrappers gesien. Daar's niks behalwe half-geklede mense met swepe oor hulle rug, nooit enige manier om ooit verlos te word nie. Maar Moses het die Woord van God geken, en hy het na hulle gekyk as 'n volk met 'n belofte. Hy het na hulle gekyk as 'n volk wat 'n belofte gehad het. Maak nie saak hoeveel die wêreld, daardie dag, neergesien het op hulle, as 'n klomp moddertrappers of slawe nie, hy het na hulle gekyk as 'n volk wat 'n belofte gehad het.

118 Farao het na hulle gekyk, uit dieselfde venster, maar hy het slawe gesien.

119 Moses het die oorwinning gesien. Hoekom? Hy het homself gefokus. Al was hy 'n prins, al was hy die troonopvolger van Egipte, het hy sy fokus verskuif van die begeerlikheid van die wêreld. Hy het sy fokus verskuif van die prag en mag wat hy gehad het om binne sy eie potensiaal te ontvang. Hy het daardie fokus verskuif, totdat hy 'n geseënde volk oorkant gesien het, deur die belofte van God. Hy het ingefokus, omdat hy geweet het dat God Abraham belowe het dat Hy Sy volk sou besoek. En hy

het geweet dat hy opgerig is vir daardie doel, en hy het dit alles uitgefokus.

120 Farao het nie hierdie potensiaal gehad nie. Dit is vir hom aangebied, maar hy het dit geweier. En toe hy dit geweier het, toe kon hy nie fokus nie.

121 Geen mens, nadat hy die Woord van God geweier het, kan homself ooit Daarin fokus nie, omdat jy die Woord geweier het wat jou in 'n verhouding met Christus inbring. Dis reg. So . . .

122 Maar, Moses het by hierdie venster uitgekyk, hy het dit geglo. Hoekom? Moses het gekyk deur geloof. Dis hoe Moses gekyk het.

123 Luister nou baie goed na hierdie opmerking. Geloof! Nou, moenie vergeet om hierdie nou te sien nie. Geloof is ontwerp om te sien wat God se wil en begeerte is. Daar is geen kennis wat dit kan doen nie. Geloof alleen is ontwerp, en aan die menslike ras gegee, om uit te vind wat die wil van God is.

124 En as jy jou geloof neem wat jy het, en dit fokus nie op die Woord nie, los dit dan uit. Jy het die verkeerde geloof.

125 Maar wanneer jou God-gegewe geloof jou fokus op die Woord van God, dan is jy presies in lyn en ingestel. O, goeiste! God help ons hierdie uur, groot uur waarin ons lewe. Geloof, ontwerp om te sien wat God wil hê! Hoe sien jy dit? Deur die kamera van Sy Woord, Sy belofte. *Hierdie* is die volle openbaring van Jesus Christus.

126 Dan, wanneer die geloof wat in jou is, jou fokus op hierdie Woord, word jou fokus verskuif van alle denominasies en geloofsbelydenisse en alles. Jy word net presies gefokus op die Woord van God. Jy is ingestel. Dit het net 'n vertrekpuntjie nodig. Amen. Daardie gebed vlieg reguit na die Teenwoordigheid van God, want daar's niks wat dit kan stop nie. Ja. Dis wat dit doen, wanneer jy ingestel is op God, ingefokus, dan kyk jy na die teiken.

127 Jy kyk nie na wat iemand anders sê: "*Hierdie* kan nie gebeur, en *hierdie* kan nie gebeur nie."

128 Jy kyk na wat jy weet gebeur het. Kyk na jou teiken. Jy sien waar hulle dit getref het. As hulle dit in daardie dag getref het, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Fokus al hierdie geloofsbelydenisse en dinge uit wat jy verwar het. Gaan reguit terug na die Woord, bely dan jou ongeloof, en laat God Sy Heilige Gees neem en jou visier reguit rig op Jesus Christus. Dan kyk ons na Hom, nie na wat iemand anders sê nie.

129 Nie eers wat die dokter sê nie, so goed as wat hy mag wees. Hy het sy plek. Die kerk, so goed as . . . Dit het sy plek. Ons ontken dit nie. Maar dit het, alles het sy plek. Dit sal vuur, maar dit sal nie die teiken tref nie.

130 "Net hulle wat kyk na Christus die tweede maal." Dis die kol. Dit hang af na waarna jy kyk. Ja.

131 Nou, vandag, julle sien, geloof is ontwerp om dit te doen. Dieselfde geloof vandag sien dieselfde ding. 'n Geloof van die Kerk vandag behoort dieselfde program van God te sien. Ek wil hê julle moenie hierdie nou mis nie. Die Kerk vandag, wat geroep is deur God, sal beslis die program van God sien, want die program van God is *Hier* uitgeskryf, die Bloudruk. En die Heilige Gees, deur geloof, is die Een Wat Dit lees en Dit bymekaarsit.

132 Hoe kan 'n man dan sê hy's gevul met die Heilige Gees, en die Heilige Gees sê 'n sekere manier om iets in die Bybel te doen, en hierdie man kom verby, sê: "O, wel, dis fanatisme"? Kan die Heilige Gees, die ware Heilige Gees wees, Sy Eie Woord ontken? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nee. Dit moet by die Woord bly, want Dis God. Sien?

133 Waarna kyk jy? Wat sien jy? Ons moet Jesus sien. En die enigste manier wat ons Jesus sien, sien die Woord. *Hierdie* is die—die natuurlike Simbool van die Gees. Weet julle wat ek bedoel? Dit is die Letter wat die Gees lewendig maak. Sien? Dit is die Letter, wat, en die Gees maak hierdie Letter lewendig en maak Dit 'n werklikheid. Ja.

134 Moses het gekyk deur geloof. En die man wat vandag God se program sien, doen dieselfde ding, kyk deur geloof.

135 Moses het, later, hierdie groot ding gesien. Toe die volk in die moeilikheid beland het, wat het hy gedoen? Hy het 'n koperslang gemaak, dit op 'n paal gesit. En gesê, toe hulle deur slange gebyt is, as gevolg van hulle ongeloof, dat: "Wie ook al na hierdie slang gekyk het, het gelewe." Let op. Die man wat net gekom en gekyk het . . .

136 Nou, die stok, die paal waarop dit was, was 'n stuk van 'n boom wat afgekap is daar in die woestyn, waarskynlik 'n stuk mesquite, of—of iets wat julle hier het, ysterhout, of wat dit ook al mag wees. Dit was alreeds geskei van sy natuurlike groei. Dit was dood, in homself. Die koper was waarskynlik 'n stuk van helms van die Romeine, of—of iets wat hulle gekry het in die buit. Dit is gevorm en bymekaargesit, en in 'n slang gevorm.

137 As mense daar uitgekom het, net as 'n afgod, om na daardie slang te kyk, het hulle niks gekry nie.

138 Maar wanneer die ware gelowige daar uitgekom het en na daardie slang gekyk het, met die geestelik geopenbaarde Waarheid . . . Daardie slang self, siende dat dit in die vorm van 'n slang was, het dit sonde, wat alreeds geoordeel is, verteenwoordig. Hulle het sonde gesien, hulle ongeloof, alreeds veroordeel, vanaf die slang uit die tuin van Eden. En die slang is van koper gemaak, wat Goddelike oordeel beteken. Sien?

139 Die altaar is van koper gemaak, koper-altaar, waarop die offer was; geelkoper, Goddelike oordeel.

140 Die groot profeet, Elía, toe hy opgekyk het in die lug, in die dae van sy bediening, die drie-en-'n-half jaar, en daar was glad nie enige—enige water nie. Hy het gesê: "Die hemele lyk soos koper." Wat was dit? Goddelike oordeel oor 'n ongelowige volk, van die boodskap van God, dat hulle geloof so swak was, dit nie in daardie dag kon sien nie.

141 Ek wonder vandag, as ons al die waterstowwe en suurstowwe sien, en die bomme en die dinge wat ons geskep het, wonder of ons nie 'n volk, 'n tyd sien, wat soos koper lyk nie. Dis Goddelike oordeel.

142 Ons het so—so groot geword in ons intellek. Ons het ons kinders geleer totdat ons 'n klomp rickies het. En ons het wat ons het, selfs ons kerke en dinge. En ons seuns wat na kweekskole toe gaan, hier uitgaan, en soontoe gaan en een of ander Ph.D. en L.L.D. leer. Laat ek vir julle iets vertel. Elke keer as hy een kry, gaan hy verder en verder weg van God af.

143 God is so eenvoudig. Die rede waarom die mens God nie kan vind nie, hy raak nie eenvoudig genoeg nie.

Iemand het gesê: "Broer Branham, hoe sien jy visioene?"

144 Dis nie ek nie. Sien? Jy—jy moet jouself uit die prentjie kry. God het 'n belofte gemaak. God moet by daardie belofte bly. Maar jy moet eenvoudig genoeg wees om uit jou eie pad uit te kom.

145 Iemand het gesê: "Hierdie sou 'n groot man gewees het as hy 'n L.L.D. van ons kollege gehad het." As hy het, gaan hy net nog verder weg van God af.

146 "Mense kan vandag 'n boodskap," het ek gesê: "maan toe stuur, maar hy loop oor 'n grashalmpie waar hy nie kan verduidelik as hy moes nie." God word verberg in eenvoud. Sien? Jy kan nie eenvoudig genoeg raak nie. Kry 'n man 'n geleerdheid, die eerste ding waarvan hy weet, is hy so groot, hy kan nie homself verneder nie.

147 En God is so groot, dat Hy Homself verneder en Homself verberg van die sondaar. Jesus het God bedank daarvoor. Hy het gesê: "Ek dank U, Vader, Skepper van hemele en aarde, dat U Hierdie verberg het van die wyse en verstandige mense, en Dit aan kindertjies sal openbaar, wat wil leer." Die manier om God te ken, is om eenvoudig te raak. Die pad op, is af.

148 Watter rigting is die noord- of suidpool? Jy staan in die ruimte. Sien?

149 Die pad op, is af. "Hy wat homself verneder, sal verhoog word. Hy wat homself verhoog, sal verneder word." Sien? Ons moet onsself verneder, nie te veel probeer weet nie.

150 Weet net een ding. Fokus al die res uit die pad uit, en kyk na Christus. As jy nie weet hoe om jou naam te skryf nie, dit het nie een ding daarmee te doen nie. Fokus net jou hart op Christus en Sy wil, en kyk wat gebeur. Ja. Beslis.

151 Nou, baie het soontoe gekom en gesien, gesê: "Daar is 'n groot slang. Mense gaan soontoe en word genees, deur te kyk na die slang. Miskien beter ons die familie neem en soontoe gaan."

152 Jy hoor sulke dinge vandag. "Daar's 'n groot geneser wat na die dorp toe kom. En hy, daar, ons sal almal soontoe gaan en genees word." Nou, wanneer jy so dink, het jy beslis jou kamera uit fokus. Ja, meneer.

153 Fokus dit in op Jesus, en Hy alleen. Kyk na Hom, en jy sal sien wat God se doel is.

154 Nou, toe daardie Hebreër daarnatoe gekom het en na daardie koperslang gekyk, en gesê het: "Daardie koper, daardie slang, beteken sonde wat alreeds veroordeel is. Koper is Goddelike oordeel daarvan, en God het my sondes veroordeel. En—en ek is. . .Deur hierdie koperslang, het dit iets voorgestel wat sou kom, sonde alreeds veroordeel. Ek's vry." Hy is genees. Dis reg.

155 En vandag, Jesus het gesê in Johannes 3:14: "Soos Moses die koperslang opgerig het in die woestyn, so moet die Seun van die mens opgerig word." As jy na Hom kan kyk; nie as 'n kerkman nie, nie as 'n profeet nie, nie as net 'n goeie man nie, nie as 'n derde persoon van 'n drie-eenheid, of iets nie. As jy na Hom kan kyk as Emmánuel, Self, Wat afgekom het en Sy lewe gegee het. En opgerig was, dat: "Wie ook al in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar Ewige Lewe kan hê."

156 As jy jou kamera kan fokus totdat jy dit sien, en weet dat dit die lewe van God, Self, gekos het, toe Hy Sy lewe hier gemaak het. Hoef dit nie op te gegee het nie. Hy het dit vrywilliglik neergelê. Hy was God. Hy hoef nie te gesterf het nie, maar Hy het dit, vrylik, gedoen, Sy eie lewe gegee, dat Hy seuns na Hom toe kon bring, dat Sy werk mag voortgaan. "Die werke wat Ek doen," Johannes 14:12: "die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." As die dinge so gedoen kon word, en jy kan Hom sien en Hom alleen sien, dan sal jy jou kamera in fokus kry, sien, tot 'n plek waar God jou kan gebruik. Sekerlik.

157 Nou, as jy net daarna kyk, sê: "Ek het 'n klein kruisie wat in my kar hang. Ek het een by my huis, 'n kruis." Dis alles reg. Maar dis nie wat dit is nie. Dis nie waarvan Hy praat nie.

158 Jy moet sien dat God weet dat jy 'n sondaar is. En dat jy jou sonde bely het, en God jou ongeregtigheid op Hom geplaas het, op Homself, en 'n mens geword het. Hy het Sy vorm verander, en afgekom van om God te wees, na 'n mens, dat Hy mag sterf in jou plek, om Homself vir jou te gee. En jy het jou sonde bely. En nie 'n vervaardigde Clorox nie. Maar 'n—'n krag van God wat Bloed gemaak is, dat Hy jou sondige bloed, van seksuele begeerte, kon wegneem, en jou 'n vry man en vrou van God kon maak. Daar het julle dit.

159 Waarna kyk jy? Jy sê: "O, ek behoort aan die Gemeentes van God. Ek behoort aan die Verenigde Pinkster. Ek behoort aan die Metodis, die Baptis." Jou fokus steeds jouself weg.

160 Fokus jouself in op Jesus Christus. Amen. Hoor die antwoord terugkom: "Al jou sonde, wat baie was, is alles vergewe." Wees volm- . . .

161 Volhard, soos die Siro-Feniciese vroutjie. Maak nie saak hoeveel teleurstellings sy gehad het, terwyl sy afgekom het nie, sy het steeds haarself gefokus op, dat daardie God was. En Sy het na Hom toe gekom en gekry waarvoor sy gevra het, omdat sy haar fokus reg gehad het. Sy het dit gehad, maak nie saak hoeveel windvlae gekom het, en gesê het: "Die dae van wonderwerke is verby. Jou man sal jou verlaat," nie. Dit het haar glad nie gepla nie. Daardie koeël het net sy kol getref. Amen. Ons kan fokus op . . .

162 [Leë kol op band—Red.] . . . tyd. Dan kyk ons dat Hy moet kom, dis die een wat gaan. O, goeiste! Sien, jy moet die doel bereik. Jy moet weet wat dit is.

163 Kyk na die skaappoort. Daar was mense. God het nog altyd 'n manier gehad vir mense om na verlossing te kyk. Daardie koperslang, die mense moes daarna kyk. Dis reg. En by die skaappoort, moes hulle daarna kyk. Daardie mense het daar gesit.

164 Kom ons dink dit was 'n hospitaal. Daar was baie siekes en beproefdes. Daar was duisende, menigtes wat daar gelê het, soos 'n hospitaal vandag. Teer hande van hulle geliefdes het hulle bedien, net presies soos wat hulle sou in 'n hospitaal vandag.

165 Hulle het gewag. Hulle oë het daardie water dopgehou. Daar was vyf poorte waar die skaappoort was. By die . . . Dis buitekant Jerusalem, en daar, of hierdie poort. En dan, as hy ingekom het, het hy dopgehou. Daar moes iets bonatuurliks plaasvind. En sodra daardie bonatuurlike plaasgevind het, het hulle soontoe gestorm.

166 Kyk na die kerk vandag. God wil hê ons moet dophou vir die bonatuurlike, wanneer Sy Woord gemanifesteer en bevestig word. Nou hardloop ons weg daarvan, omdat dit nie verbind is met ons organisasies nie. Sien?

167 By die skaappoort, het hulle uitgekyk vir die bonatuurlike beweging. God het altyd deur Sy mense beweeg, deur bonatuurlike bevestiging van Sy belofte. Hy het belowe Hy sou dit doen. Toe hulle daardie belofte sien beweeg het, in 'n bonatuurlike, het hulle reg daarin gespring en dit ingeneem.

168 Vandag, selfs nou, is die Heilige Gees, die bonatuurlike krag van God, in die aarde, wat beweeg, dinge wys. En mense hardloop weg Daarvan, in plaas van om Daarin in te gaan, die Woord wat vlees word en bevestig word, die einste dinge wat Hy

gedoen en belowe het ons sou doen, doen dieselfde dinge. En as Dit nie verbind is met ons groepe nie, sal ons niks Daarmee te doen hê nie. Dis reg.

169 Jesus het gegaan en een persoon gevind in die hele kerk. Jy sê: "Genees God almal?" Nee, meneer.

170 En die Pinksterbroers, laat ek dit vir julle laat val. Julle kyk na 'n tyd wat sal kom, dat wanneer daar manne gaan opstaan op die aarde, en uitgaan in hospitale en hulle verlos, en sê die hele hospitaal moet leegmaak. Moet julle nooit so mislei word nie. Glo julle my. Glo julle dat daardie 'n leuen is. Dit is nooit gedoen nie. Toe Jesus . . .

171 Kom ons sê daardie was 'n hospitaal. Hy het daar ingegaan volgens die leiding van die Gees. Hy het een man gevind wat Hy geweet het gereed was. En Hy het gespreek, daardie man. Hy het vir hom die geheim van sy lewe vertel, daar vir hom vertel.

172 Hy was nie nié in staat om te loop nie. Hy kon loop. Iemand kon kom klop, deur te hardloop. Hy het gesê: "Wanneer ek kom, loop 'n ander een voor my in." Sien? Hy was nie blind nie, hy was ook nie doof nie, hy was ook nie stom nie. Hy was nie kreupel nie. Hy het een of ander vertraagde siekte gehad, wat hom nie sou doodmaak nie. Hy het dit vir agt-en-dertig jaar gehad. En hy sou soontoe probeer gaan, en iemand wat bietjie beter was as hy, sou inloop, dan sou die krag van die Engel verdwyn.

173 Ons gaan in vandag en vind 'n man van God, wat gelei deur die Gees van God, 'n visoen sien, iets soos daardie gaan doen, en hulle sê: "Wel, hier is Jones, wat op die hoek sit. Laat ek julle genesers hom sien genees."

174 Sien jy daardie selfde ou duiwel, wat vir Jesus gesê het, met 'n doek om Sy oë gedraai? En gesê het . . . Hom op die kop geslaan het met 'n stok. En gesê het . . . Die stok aangegee, van een hand na die ander. Gesê: "Sê vir ons wie U geslaan het. Dan sal ons glo U is 'n profeet."

175 Wel, voor die wêreld ooit begin het, het Hy geweet wie daardie stok in hulle hand gehad het. Hy het nie enigiemand vermaak nie. Hy het presies gedoen wat die wil van God was. Die Kerk sal dieselfde doen. Sien?

176 Die skaappoort, maar hulle het dopgehou vir iets. Hulle het gekyk vir iets.

177 Nou, as hulle gesê het: "O, wel, ons sal soontoe gaan en kyk wat die res van hulle doen. Ons sal sien of dit bonatuurlik lyk." Hulle het nooit niks gekry nie.

178 Maar dis daardie man wat moes indruk, nie agter sit nie, maar voor; daardie man wat gewag het vir die altaar-oproep, daardie man wat gewag het om iets bonatuurliks te sien.

179 Soos hierdie man hier, Broer Williams se seun, grootgeword in 'n Pinksterfamilie. Maar, tog, eenkeer, gestaan in 'n diens

waarheen sy pa gevoel het om hom te stuur, en daar het daardie jong kêrel daar gestaan, en hy het die bonatuurlike hand van God gesien, hy het vinnig 'n Christen geword. Hy was gereed om Dit te aanvaar, want hy het die beweging van die water gesien. Hy het geweet daar was iets bonatuurliks.

180 Dis nie 'n "aansluit by die kerk, skud hande, en nog 'n miljoen in '44, of 'n nuwe kerk, 'n nuwe gebou, of iets nuuts nie."

181 Dit was 'n nuwe lewe, wat gekom het deur 'n bonatuurlike beweging, waarna hulle uitgesien het om te gebeur. Hulle het elke sekere seisoen geken; toe afgekom, en hulle het gewag.

182 Nou, as dit nie die heeltyd aangaan nie, en ons nie bo-op die huis is, aan die rondspring nie, voel ons: "Wel, ons sal hierdie kerk verlaat. Dit het afgekoel." Watter onsin! Hoe ons nie kan wag nie! Abraham het nie, wag. . . Hy het nie gedink God het afgekoel nie. Hy het vyf-en-twintig jaar gewag, toe het hy die hand van God sien beweeg.

183 Hulle het gewag by 'n skaappoort, van maand tot maand, vir wat dit ook al was, vir daardie een bonatuurlike beweging. Maar hulle het gekyk daarvoor. O, goeiste! Hulle het gekyk daarvoor.

184 En vandag het ons daardie visie verloor, Pinkster. Ons het iets verloor. Kom ons kyk na Christus. Ons denominasies het hulleself uitgesprei totdat hulle ver uitgegaan het, en nou baklei ons en probeer meer en groter kerke kry, en hoër klasse, en beter geleerde predikers, en dinge. En wat het ons gekry? Ons het weggekom van die einste Ding wat God vir ons gesê het om voor te kyk. Waarna kyk jy?

Kyk en leef. Dis wat ons moet doen as ons verwag om te lewe.

185 Ander mag vir hulle gelag het, gesê het: "Daardie klomp holy-rollers daaronder, daaronder om daardie bad. Wel, hulle sê daar's 'n. . . Wel, dis niks anders as die wind nie. Wel, die wind kom af, waai die water terug."

186 Nie vir hulle nie. Dit was die Engel van genade. Dit was die Engel van genesing. En ek glo dit was die Engel, hoewel dit so eenvoudig lyk. Maar, julle sien, God word verberg in eenvoud.

187 Ek het hulle gehad wat na die diens toe gekom het, sê: "Broer Branham, ek het nie geweet jy's 'n holy-roller nie. Want, ek het daardie hele groep opgelet wat skree, en huil, en aangaan terwyl jy preek, 'amen' skree, ensovoorts. Wel, dis niks anders as emosie nie." Dit mag wees vir jou, wat nie glo nie.

188 Maar, vir ons wat die goeie dinge van God gesmaak het; ons wat weet wat die Heilige Gees is!

189 Jy sê: "Daardie mense wat in tale praat, rammel net iets af. Hulle net. . . Dis net intellektueel. Dis net opgewerktheid." Of iemand sê. . . Dit mag wees, vir jou.

190 Maar vir daardie kêrel op wie Dit val, Dis anders vir hom. Ja, meneer. Ja, meneer.

191 Jy sê: "Wel, nou, jy weet, dis net die dag van . . . Dis daardie goed. Daar's—daar's . . . Wel, mense sal dit nie glo nie."

192 Dit sal glad nie die regte beweging van God stop nie. Jesus het reg te midde van ongeloof gekom, maar dit het Hom glad nie gestop nie. Hy het reguit aangegaan.

193 Die mense vandag, maak nie saak hoe probeer nie, hoeveel hulle probeer om te sê Dis fanatisme nie, die mense gaan reguit voort om Dit te glo. Hulle kan Dit nie verduidelik nie. Hulle weet nie wat Dit is nie. Hulle weet hulle het 'n idee van wat Dit is.

194 Soos Benjamin Franklin, met 'n vlieër in sy hand, hy het gesê: "Ek het dit. Ek het dit. Ek het dit." Hy het geweet hy het iets.

195 So weet hierdie man of vrou ook, wat dalk nie in staat is om jou te vertel wat atome is, hoeveel molekules in 'n atoom is nie, maar hulle weet hulle het die Heilige Gees. Hoekom? Hulle het dit ingestel op die Woord van God, wat Petrus gesê het op die Pinksterdag. "Bekeer, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Wanneer daardie belyde sonde val in daardie Bloed, word alle Bloed, vergewe. Die Bloed vergewe die sonde, en 'n man staan as 'n seun van God. Amen.

196 Dan is hy ingestel: "Vra wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word." Dan, net op een of ander manier, ken jy net blykbaar die wil van God. Op 'n bonatuurlike manier, is daar 'n beweging, iets in jou, sê: "Gaan *hier*natoe en doen *daardie*. Gaan *hier* ondertoe en doen *daardie*." Sien, daar's iets in jou, wat altyd die teiken tref net presies op die manier wat dit veronderstel is om te wees. O, hoe wonderlik!

197 Ons moet afsluit, want dit raak nou te laat. Net nog 'n paar minute langer.

198 Daardie mense mag gelag het, maar dit het hulle nie gestop nie. Hulle het net in elk geval gewag.

199 Die mense mag sê, ons kerk, ons broers: "Die—die afkoeling van die Boodskap," ensovoorts.

200 Dit het nie afgekoel nie. Ons wag vir die beweging van die water. Ek kyk om iets te sien gebeur. Ek is nou hier in Tucson. Hoekom? Ek weet nie. Die water het my hiernatoe beweeg. Ek kyk om iets te sien gebeur. Dit gaan gebeur.

201 Ek het julle gesê, toe ek hiernatoe gekom het, nou die dag: "Iets gaan gebeur. Daar sou 'n donderslag of 'n ontploffing wees, daardie sewe seëls uitkom." Kry die bandopnames en vind uit of dit reg is of nie. Sien? O, ons wag vir die beweging van die water.

202 Ons het iets gesien, wat agter sit, op ’n kruis, kant van daardie woestyn noord van Tucson. Net wat ek julle hier vertel het, voor dit gebeur het. Ek het daardie bulkoppies afgetrek daar, en net toe het dit afgegaan, en die hele berg geskud. Rotse het afgerol, en sulke dinge. En die Heilige Gees het gedraai, gesê: “Gaan onmiddellik terug na jou huis toe, want die Sewe Seëls gaan oopgemaak word.” Kry die bandopnames en vind uit. Dis SO SPREEK DIE HERE, vertel voor dit gebeur het, en alles. Vind uit of dit die Waarheid is, of nie. Wanneer ek heengegaan het, sal daardie steeds voortleef.

203 Ons is aan die eindtyd, vriende. Ek kyk vir Jesus om te kom. Daardie geseënde Here Jesus Wat ek liefhet, en my lewe aan gegee het, as ’n jongman, ek kyk nogsteeds dat Hy sal kom. Ek glo Hy sal. Al sou dit, soos Abraham, talm. Tog, word ek sterker en meer verlief op Hom, deur myself daagliks uit te druk teenoor Hom. Ek weet elke gelowige hierbinne doen dieselfde ding.

204 Maak nie saak wat ander sê nie: “O, jy’s ’n agtergeblewene. Jy behoort te . . . Ek gee nie om wat hulle sê nie.

205 Ek glo God steeds. Ek is ingefokus op die Woord en ken daardie Waarheid. Niemand was nog ooit in staat om my daaruit te skud nie. Solank God my hart net reguit op daardie Woord hou, sal ek daar bly. Amen.

206 Elía, hy het eendag, toe hy gewag het vir iets om te kom, om hulp vir die mense te bring, het hy gekyk. En hy het gekyk tot die ou man, iets oor die tagtig jaar oud, te moeg was om die berg te klim, na vas, bid. Maar God het vir hom gesê, as hulle sou bely, sou iets gebeur. Waarvoor het hy gekyk? Hy het sy dienskneg opgestuur, gesê: “Gaan op en kyk. Kyk. Iets gaan gebeur.” Drie-en-’n-half jaar, en geen reën nie, nie ’n wolk nie, nie eers dou wat geval het nie. Maar gesê: “Gaan, kyk.” En Elía of . . .

207 Gehási het gestaan en kyk, en kyk en kyk. Hy het niks gesien nie. Hy het weer afgekom. Hy het gesê: “Ek sien niks nie.”

“Gaan weer op.” Amen. “Gaan terug en bly totdat dit gebeur.”

208 En Elía gaan terug . . . of, ek bedoel, Gehási, en hy kyk en kyk en kyk.

209 En Elía, daardie kaal koppie wat daar sit in die son, en sy wangbaarde en sy baard, wit baard, en daardie benerige armpies oor sy benerige knieë. Hy het gesê: “Here God,” soos hy begin bid het.

210 Gesê: “Gaan nou weer terug.” Amen. Wat het hy gedoen? Hy het gekyk na God om Sy belofte te hou, maak nie saak hoe koperkleurig sy gelyk het, hoeveel oordeel daaroor was nie. Dis reg.

211 Iemand het gesê, nou die dag, hy het gesê: "Broer Branham, jy glo Dit, en jy praat soveel teen die organisasies van godsdienste. Wat laat jou dit doen?"

212 Ek het gesê: "Niks teen die broers in daardie organisasie nie, maar dis die stelsel waarteen ek is."

213 Soos die dissipels wat gegaan het om Jesus se liggaam te balsem. Daardie liggaam was amper gereed om te verrot, dis reg, was 'n vreeslike reuk. Maar hulle het net daarby gebly.

214 Dis dieselfde ding vandag, al het die kerk ditself heeltemal verstrengel laat raak. Dis in allerhande toestande. Dis afgestig in ismes en formaliteite en alles, maar ek moet daarby bly. Ons moet daar bly. Ons moet daar bly, want ons is lief daarvoor. Daar is iets in ons, wat ons verplig. Die klop van ons hart sê: "Bly daarby, want daar gaan eendag 'n opstanding wees, en God gaan daaruit haal." Amen. Ja. Wonderlike Here Jesus! Goed.

215 Ons vind, Elía het aanhou kyk tot hy die grootte van 'n man se hand gesien het.

216 Nou, ongeloof sou dit baie vinnig opgetel het. "As dit die beste is wat jy kan doen?" Sien? "As dit al is wat jy kan doen, wel, vat dit terug."

217 Maar wat was dit? Hy het gekyk vir die bonatuurlike. O, hy het geweet net die hand van God kon dit doen. En toe hy daardie hand gesien het J-e-s-u-s, het hy g-e-l-o-o-f gehad. Ja. En toe hy dit gesien het, het hy gesê: "Ek hoor die gedruis van die reën." Wat was dit? Hy het die eerste beweging aanvaar.

218 O, ongelowige, vanmôre, jy wat verstrengel geraak het in jou waterdope en al die res, laat die Gees van God jou oë oopmaak en jou net 'n klein dingetjie wys, dan begin jy van daar af. "Ek hoor die gedruis van die reën." Julle wat geloofsbelydenisse glo in plaas van die Woord, kom terug na die Woord, sien net die eerste beweginkie. Geloof het dit aanvaar. "Dit is waarvoor ek kyk."

219 Ons kyk vir die Koms van die Here. Ons kyk na die Heilige Gees wat val in die laaste dae. Ons kyk na tekens en wonders. Ons hou dop wat gebeur. Sien? Sien julle nie? Waarna kyk julle? Dis presies wat God gesê het sou plaasvind. Laat geloof dit aangryp, sê: "Ek wil dit ook hê."

220 Hou Elía dop. Toe hy dit aanvaar het, weet julle sy lewe moes hernu gewees het. Hy het voor Agab se strydwa uitgehardloop. Hy het voor die strydwa gehardloop, terwyl hy nie eers die heuwel kon uitklim nie. Hy het voor daardie vinnige perde uitgehardloop. "Haal uit die reënvaatjies. Ek hoor die gedruis van die reën." Die eerste klein beweginkie: "Glorie!"

221 Die eerste beweginkie by die bad van Betésda, het hulle gestorm om Dit te kry. Amen.

222 O, as die mense hier, as julle nie die Heilige Gees ontvang het vanmôre nie, as daardie eerste flikkerinkie sou sê: "Dis die

Waarheid. Daardie man vertel die Woord wat die Waarheid is," gaan dan so vinnig as wat jy kan. Moenie wag nie. Waarna kyk jy? Waarvoor wag jy? Die uur is later as wat jy dink. Begin beweeg Daarnatoe, so vinnig as wat jy kan. Hoekom? Toe Elía daardie beweging gesien het, was dit die bewys van 'n beantwoorde gebed.

223 O God, ek wens dat elke siek persoon hier vanmôre, wat nou hierdie Heilige Gees in ons midde voel, dit kon besef. Dis die bewys van 'n gebed wat jy gebid het, wat beantwoord is in die Teenwoordigheid van God. Elke mens wat die doop van die Heilige Gees wil hê, as jy daardie groot gevoel sou voel, wat sê dat: "Ek glo dis die Waarheid"; as jy dit sou neem: "Dis die bewys van my beantwoorde gebed"; jou hande sou opsteek en sê: "God, ek ontvang Dit nou," sou iets gebeur. Hang af van . . .

224 God gooi die tekens oral om ons, en ons beweeg steeds reguit aan, net buite bereik daarvan. Ja. O, goeiste!

Elía het geweet dit was 'n antwoord op gebed.

225 Jona het geweier om enigiets te sien wat teenstrydig was. Hy was onder in die maag van die walvis, op die bodem van die see. Maar hy het gesê: "Dit sal my nie versteek nie." Hy het gesê: "Nog een maal sal ek na U heilige tempel kyk." Waarna het hy gekyk? Hy kon nie werklik die tempel sien nie, maar hy het die belofte, wat by die tempel gemaak is, gesien.

226 O God, as ons net slegs die belofte van die Woord kon sien, dat Christus belowe het: "Waar twee of drie vergader is in My Naam, is Ek daar in hulle midde. En wat hulle ook al vra, sal hulle ontvang." As ons dit net kon sien, en die eerste beweging, reguit Daarin sou inbeweeg. Nie meer langer wag nie. Waarvoor kyk jy?

227 God antwoord jou gebed, en plaas Dit oral om jou, dan sê jy: "Wel, nou, laat ek sien, wat sou *so-en-so* sê?" O, moenie dit doen nie.

228 Kyk na Christus. Kyk na wat Hy gesê het: "Ek is daar, waar twee of drie vergader is in My Naam. Ek is daar onder hulle. Laat hulle vra. Hulle sal ontvang." Wat 'n belofte, wat 'n Goddelike belofte!

Hy het geweier om enigiets te sien wat hom sou laat twyfel.

229 As die duiwel sê, vir jou, sê: "Nou, wag 'n bietjie, miskien sal jy vanaand 'n bietjie beter wees, wanneer die herlewing begin." Mag redelik wees, dit mag goed wees, maar moenie wag tot die herlewing begin nie. Wees . . .

230 Word deel van die herlewing, net nou. God wil dit begin in jou. God wil dit in die kerk begin. Die Heilige Gees sal die boodskapper dan neem, en die Boodskap uitstuur. God sal daardie Boodskap bevestig, groot tekens en wonders. Sien? Weier om enigiets te sien wat jou sou laat twyfel.

231 Jona het, en God het hom verlos uit die maag van die walvis. Sekerlik. Ja, meneer.

232 Job, toe selfs al sy vriende hom verlaat het, alles verkeerd was, het Job bly kyk na die hemele. Party van hulle het gesê: "Jy's 'n geheime sondaar. Jy—jy, jy kyk. Job, hoekom kyk jy op in *daardie* rigting? Omdat jy klaar gesondig het, het God klaar bewys wat Hy aan jou gedoen het. Jy's 'n geheime sondaar, Job."

233 Job het geweet hy was nie 'n sondaar nie. Hy het presies elke Woord wat God vereis het, nagekom, daardie brandoffer. Daardie brandoffer is al waarvoor God gevra het. God het net gevra vir die brandoffer, en Job het geweet hy het die brandoffer geoffer.

234 God vra jou net om Sy Woord te glo. Amen. Amen. Hy vra nie al hierdie ismes en geloofsbelydenisse, en al die res nie. Hy vra vir jou om Hom te glo. "Hy wat in My glo!" Amen, en amen. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen!" "Kyk na Hom, al julle uiteindes van die wêreld, en lewe." "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Amen, en amen. Ja, meneer. Moenie wag vir enigiets anders nie. Kyk.

235 Job het gestaan en kyk. Hy het sy vlees gesien, alles verderwing. Hy het bloed oor hom gesien. Hy het swere oor hom gesien. Sy vrou het gekom. Sy kerklidmate het hom verlaat, en hom aangekla as 'n geheime sondaar. Sy vrou het gekom en gesê: "Jy lyk ellendig. Hoekom vloek jy God nie en sterf die dood nie?"

236 Hy het gesê: "Jy praat soos 'n dwase vrou. Die Here het gegee, die Here het geneem; geseënd sy die Naam van die Here."

237 Omtrent daardie tyd, toe hy by die Woord gebly het, toe het die weerlig begin flits, die donderweer gebrul, en die profeet het gekyk na die hemele. En hy het gesê: "Ek weet my Verlosser leef. Hy sal in die laaste dae op hierdie aarde staan. Al, nadat die velwurms hierdie liggaam verwoes het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou, vir Wie ek sal aanskou."

238 Kyk. Die eerste, word Hy genoem "Verlosser"; die volgende, is Hy "God." "Ek weet my Verlosser leef. Die laaste dae, sal Hy op die aarde staan. Al, nadat die velwurms hierdie liggaam verwoes het, sal ek nogtans uit hierdie liggaam God aanskou, vir Wie ek sal aanskou. My oë, en geen vreemde nie, sal sien." Toe hy sterwend was, en sy liggaam aan die verrot, terwyl hy in die vlees was, het hy gekyk totdat hy die opstanding gesien het, halleluja, en geweet het dat hy ingesluit is daarin, omdat Hy God se Woord onderhou het. Kyk en leef, my broeder. Amen. Hy het gesien wat God se doel was, en hy het dit gedoen. God het 'n rede gehad, om Job te toets.

239 Hy het 'n rede gehad, om die mense te toets. Alles word gedoen vir 'n doel. Hy doen dieselfde ding nou. Hy stuur vir ons tekens en wonders onder die mense. Hy stuur die Evangelie Waarheid, en laat hulle Daaroor kyk, na 'n geloofsbelydenis, die regte Waarheid ontken en 'n geloofsbelydenis aanvaar; *Hierdie*

ontken en *daardie* aanvaar, wanneer hulle weet die Bybel leer teenstrydig daarmee. Maar Hy doen dit vir 'n toets. Dan is daar geen verskoning by die Oordeelsdag nie. O, goeiste!

240 Kyk wat belowe is in die laaste dae. Ter afsluiting nou, laat ek dit sê net voor ons afsluit. Kyk wat belowe is in die laaste dae.

241 Kyk wat Hy alreeds gedoen het in hierdie laaste dae. Hy het die Heilige Gees uitgestort op Sy mense, weer die oorspronklike Pinkster teruggebring, die oorspronklike doop van die Heilige Gees teruggebring; die oorspronklike waterdoop teruggebring, alles teruggebring na sy oorspronklike. Reguit afgekom, en die oorspronklike bewys teruggebring van Christus, deur ons visioene en profesieë te wys wat nooit een keer faal nie. Reguit afbeweeg, alles net presies dieselfde, om te wys dat dit bokant menslike begrip is. Hulle kon dit nie doen nie. Dis God.

242 Hou daardie groot Vuurkolom dop wat die kinders van Israel gelei het. Enigiemand, enige Bybelstudent, weet dat daardie die Engel van die Verbond, Jesus Christus was.

243 Hebreërs het gesê, Hebreërs 11de hoofstuk het gesê, dat: "Moses het Egipte verlaat, die smaad van Christus groter rykdom geag as dié van Egipte." Sien? Wat was dit? Christus in die woestyn.

244 In Johannes 16 of . . . Verskoon my. Johannes 6, toe hulle die nagmaal geneem het, of wat dit ook al was, die brood gebreek het en die wonderlike tyd gehad het daar by die jubileum. Jesus het gesê: "Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom. Hy wat My vlees eet, het Ewige Lewe, en Ek sal hom oprig in die dag van die—die laaste dae." Hy het geweet Hy sou dit doen. Hy het gesê Hy was die Brood van die Lewe.

245 Hulle het gesê: "U maak Uself God. U maak Uself . . ." Gesê: "Maar, wel, nou weet ons U is kranksinnig." *Mal* beteken "kranksinnig." "Ons weet U is kranksinnig. U is 'n Man van nie ouer as vyftig nie, en hier sê U U het 'Abraham gesien'? Ons weet U is mal. U is van U verstand af. U is 'n godsdienstige fanatikus."

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Amen.

246 Wat was 'EK IS'? Daardie brandende Lig in daardie bos. Moses het Dit gesien. Hy het Dit dopgehou al die dae van sy lewe, en Dit het hom reguit in die beloofde land ingelei.

247 Daardie selfde Lig het afgekom en het hier gestaan. En Hy het gesê: "EK IS voordat Abraham was. EK IS daardie brandende bos. EK IS WAT EK IS, daardie Engel van Lig. Ek kom van God af, en Ek gaan terug na God toe."

248 'n Paar dae na die opstanding, was Saulus van Tarsus op sy pad Damaskus toe, om die Pinksters te vervolg. En toe hy op sy pad soontoe was, het daar 'n groot Lig afbeweeg, sy oë verblind. Hy kon . . . Nie enige van die res van hulle kon daardie Lig sien

nie, maar hy kon. Dit was so helder vir hom dat Dit sy oë verblind het. Gesê: "Saulus, Saulus, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

249 Hy het gesê: "Ek is Jesus." Daardie selfde Lig wat in die brandende bos was, dieselfde Lig het van God af gekom en het teruggegaan na God toe.

250 En ons het 'n foto van daardie selfde Lig onder ons vandag, wat dieselfde wonders doen, en selfde wonderwerke, en selfde tekens, en tog soek ons na iets anders. Die Evangelie Waarheid, van die bevestiging van die Woord, hierdie doop van die Heilige Gees, doop in die Naam van Jesus Christus, hierdie dinge wat ons onderrig, is absoluut die Waarheid. Waar word hulle bevestig? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. Sjoe! Ek voel godsdienstig. Ja. Hoekom? Omdat die Heilige Gees hier is. Want, om die wêreld, het Hy dit bewys, heen-en-weer, en nie een keer gefaal nie. Amen.

251 Waarna kyk jy? Waarvoor wag jy? Uh-huh. Dis tyd. Die water word geroer. Beweeg nou in; die tekens van die laaste dae.

252 "Teen die aandtyd sal dit Lig word," julle weet. Ja. "Dit sal word." het Haywood gesê. En dis reg. "Die pad na die Heerlikheid sal julle beslis vind." Ja, in hierdie laaste dae, sou julle dit doen.

253 Kyk. Dit hang af waarna jy kyk. Kyk wat gedoen is. Die Vuurkolom, die Heilige Gees, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou laat ons kyk. Laat ons glo. Laat ons verstaan dat ons in die laaste dae is. Ons is in die laaste ure. En ons is in die laaste minute van die laaste uur.

254 Ek het hierdie film, en ek mag dit vir Broer Outlaw bring, een of ander tyd, vir 'n Woensdagaand diens, julle dit wys, waar ons geneem het by Jerusalem, noem dit *Drie Minute Voor Middernag*. Neem wat die wetenskap gesê het.

255 Die Bybel het gesê, Jesus het gesê: "Wanneer julle die vyeboom sien, en al die ander bome, wat hulle botsels voortbring," Israel wat terugkeer as 'n volk. Hulle is 'n volk. Ons sien die ander bome: die Metodiste wat hulle s'n voortbring, die Baptiste wat hulle s'n het, die Katolieke wat hulle s'n het, al die res van hulle wat hulle s'n het; die Pinksters, deur Oral Roberts, wat hulle s'n het; al die res wat hulle herlewings het, sy takke voortbring. "Weet dan dat die tyd op hande is. Hierdie geslag sal nie verbygaan totdat al hierdie dinge vervul is nie."

256 Ons sien Israel in haar tuisland, met haar vlag gehys, die sespunt ster van Dawid. Sy het haar eie geld, haar eie volk, haar eie leër. Sy het alles. Sy's—sy's Israel. Wat is dit? Sy's daar, gereed vir die reiniging, wat God daardie honderd vier-en-veertigduisend daaruit sal haal.

257 Kyk na die kerk vandag, is in sy chaos, heeltemal deurmekaar en alles. Dit kyk: "En ons het meer daarbinne. Ons het beter as wat hulle het. Ons is *dit, dat*, en die *ander*."

258 En daar is daardie Bruid wat kyk vir die Koms van die Here Jesus. Wat, daardie geheim, geheime Koms van Christus sal kom en Sy Bruid wegraap in die nag. Soos 'n boek wat ek eenkeer gelees het van Romeo en Juliet, hoe hy gekom het met 'n leer en sy bruid van hulle af weggeneem het. Dis wat Jesus sal kom, eendag, en te soek na daardie een wat nie kyk na sy geloofsbelydenisse nie, maar kyk na Christus, wag vir Hom om te kom, met sy hart gesentreer.

259 Hulle kom, Bloedverwant, soos Isak en Rebekka, eie Bloedverwant. Dis wat ons moet word, Bloedverwant van Christus, deur die Offer, wanneer ons sonde uitgewis is deur die die Bloed van Jesus; nie wat een of ander kerk sê, wat iemand anders sê nie; maar wat die Bloed gedoen het, en bewys is dat dit gedoen is, deur die Woord wat deur dieselfde ding werk, dieselfde bediening voortsit wat Hy gehad het. Amen.

260 Waarna kyk julle, kerk? O, hierdie laaste dae, o, was Hy reg onder ons, mense, en ons het dit vergeet. Hy het reg onder ons gesit, en ons het dit nie geweet nie. Die Heilige Gees is hier vanmôre, en miskien sal baie weggaan en dit vergeet. Miskien sal baie wat siek is, vergeet om te glo en hulle geloof reg te anker waar dit nou moet wees. Dis waar . . .

261 Waarlik is die bad geroer. Die waters kolk terug van die natuurlike, en wys die bonatuurlike. Die Heilige Gees is hier, om 'n normale groep mense te neem, intelligent, wat hier sit, welgeklee, goed opgevoed, wat kyk. Die Heilige Gees val op hulle, en iets draai hulle om. Hulle skree: "Glorie aan God! Halleluja!" Wat makeer? Die roering van die water. Amen.

262 Sondaars wat daar sit, afvalliges, prostitute, dronkaards, en al die res, is heilig, goddelik. Jy kan nie 'n vinger op hulle lewens plaas, êrens, vandat hulle dit ontvang het nie. Wat is dit? Die roering van die water. Waarna kyk julle? Die Heilige Gees val onder ons . . .

263 Ek het daar gesit, 'n tydjie gelede, by Broer Outlaw, mense hier aan hom uitgewys, met siektes en dinge. En kon net nou gedoen word, verskillende dinge gewys wat in hulle lewens gebeur het en dinge. Wat is dit? Dis die Heilige Gees, Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Waarvoor wag ons? Die roering van die water? Dit roer alreeds. Die Engel gaan spoedig vertrek, en alle krag is weg, en dan is daar geen verlossing oor nie. Julle sal agtergelaat word in die buitenste duisternis.

264 Storie wat ek gehoor het, 'n paar dae gelede. Ter afsluiting, mag ek dit sê. Daar is 'n seun wat 'n moord gepleeg het. Hy het iets verkeerd gedoen.

265 Wel, ek was uitgeroep na 'n saak, nou die dag, julle weet, hierdie hier oorkant in Texas. Ek het nou die dag 'n sertifikaatjie gekry van hulle: "Vir die redding van 'n lewe," het dit gesê. Ons het soontoe gegaan vir daardie klein Ayers. Daardie man wat 'n foto van die Engel van die Here geneem het, wat, daardie aand daar oorkant in Houston, en my gekritiseer het en alles in die wêreld van my gesê het. Sy arms om my gegooi, my gedruk, gesê: "Dink net, Broer Branham, die einste man wat ek gesê het wat gehip-. . . hipnose beoefen het, het gekom om my seun van die elektriese stoel te red." Dis reg. Ek het daar voor hulle almal gepraat. En wat het die goewerneur gedoen? Dit versag. O, goeiste, wanneer hulle sou moes sterf binne vier of vyf dae, daarna. Reg. Hoekom? Ek's geïnteresseerd in lewe. Lewe!

266 Ek het gesê: "Meneer, jy het geen reg om die seun se lewe te neem nie. Die eerste bloed wat ooit gestort is, was een broer wat 'n ander een s'n gestort het. Hy het sy bloed gestort. Maar God het nie sy lewe in die doodstraf geneem nie. Hy het 'n merk op hom geplaas, dat niemand hom sou doodmaak nie. Moet dit nie afvee nie." Amen, en amen. Reg. Ons is geïnteresseerd in lewe.

267 Eendag, het 'n moeder se seun 'n man doodgemaak. Hy het daar gelê, gereed om te sterf. En so het die moedertjie by die goewerneur se deur gestaan, en hulle het ingenooi. En, uiteindelik, deur een van die wagte, gesê: "Goewerneur, daardie moeder van daardie seun is daarbuite, soek na u. Sy wil u sien."

268 En toe hulle die deur oopgemaak het, en gesê het: "Mevrou, hy sal jou ontvang."

269 Die arme dingetjie het op haar hande en knieë opgekruip, na sy voete, sy hande gelê. . . haar hande op sy voete gelê, en gesê: "Goewerneur, eerbare heer," gesê: "u is die enigste man wat oor is, wat nog my seun kan spaar. Asseblief, genadige heer. Ek weet hy's skuldig. Hy is net so skuldig. U geregshowe het hom skuldig bevind." En hoeveel van ons is nie skuldig in die howe van God nie? "U geregshowe het hom skuldig bevind. Hy het werklik doodgemaak, en hy is onderhewig aan die dood. Ek weet dit. Maar, meneer, as 'n man, het u geen reg om my seun se lewe te neem nie. God alleen kan lewe gee, en net God kan lewe neem. Moet dit nie doen nie, meneer. Moet asseblief nie. Ek smeek u, soos die hart van 'n moeder kan verduur." En so het hy haar weggestuur.

270 Dit het sy hart so gebreek, die pleidooi van daardie moeder, dat hy afgegaan het tronk toe, na die gevangenis, waar die seun agter in die gevangenis gesit het.

271 Die man het 'n kompleks opgebou. Net omtrent soos wat die kerk vandag het: "Jy sal Dit óf preek soos wat ek Daarvan hou," óf jy sal glad nie Daarna luister nie. "Ek sal my glad nie steur nie!" Was. . . en daar gesit. Man na man het na hom toe gekom,

om met hom te probeer praat. Hy het homself opgebou totdat hy nie meer wou luister nie.

272 So die goewerneur het ingestap. Hy het gesê: "Seun, ek wil graag met jou praat."

Hy het gesê: "Bly stil en gaan weg hier," in sy sel.

Hy het gesê: "Seun, ek het gekom om jou te help."

Gesê: "Ek het vir jou gesê om hier weg te gaan."

273 Dis hoe die mense vandag met die Heilige Gees maak. Ja. "Gaan weg. Ek wil niks Daarmee te doen hê nie." En klop aan die deur. "As ek dit doen, sal ek my kaartpartytjie moet opgee. Ek sal *dit* moet opgee. Ek sal *dat* moet opgee. Ek sal my kerk se geloofsbelydenis moet opgee. Ek sal moet gee." Sien? Jy beter luister. Hy's die enigste Een wat vergifnis het. Dis reg. Waarna kyk jy? Sien?

274 Hy het na soveel goed gekyk, hy was bang om na hierdie man te kyk. Hy het sy kop weggedraai gehou.

275 Dis wat mense vandag doen by die altaar-oproep. Hulle hou hulle koppe weggedraai. Hulle wil Dit nie hoor nie. Hulle sal hulle koppe van God af wegdraai Wat vir hulle vertel: "Dis die Waarheid." 'n Klein, klein Stemmetjie, soos 'n aanraking.

276 Julle weet, Elía, hy het die rukwind gehoor, bloed, vuur, rook, en dit het hom nie gepla nie. Maar toe hy daardie klein Stemmetjie gehoor het, het hy uitgekom. O, daardie klein Stemmetjie waarna die kerk nie geluister het nie! Reg.

277 So, die—die—die man het sy beste probeer. Die goewerneur het met die seun probeer praat. Die seun het gesê: "Gaan jy hier uitgaan of gaan ek jou uitgooi."

278 Omgedraai en gesê: "Goed, seun. Ek het die beste gedoen wat ek kon."

279 Toe hy uitgeloop het, het die seun omgekyk, soort van arrogant, soos hy afgeloop het in die gang.

280 En toe hy het, het een van die wagte na vore getree en gesê: "Goewerneur, kon u enigiets uitrig?"

Hy het gesê: "Nee. Hy wou nie luister nie."

281 Daardie seun het gespring. Hy het die tralies vasgegryp, gesê: "Wie was dit?"

"Dit was die goewerneur. Gekom vir jou vergifnis."

282 Te laat gewees toe. Hy het geskree. Hy het gehuil. Hy het gesê: "Dink daaraan. Die gowerneur, hier in my eie sel, om my te vergewe, en ek het hom weggewys."

283 En toe hulle die tou om sy nek gesit het, voor hulle die swart masker opgesit het, nadat hy die dertien trappies geklim het, laaste woorde het hy gesê: "Dink daaraan. Die goewerneur het in

my sel gestaan, vir vergifnis, en ek het hom weggewys." En hulle het hom gehang.

284 O, daar's meer as 'n goewerneur hier vanmôre. Jesus Christus is hier. En daardie selletjie, naamlik man of vrou, Hy's hier om te vergewe. Moenie, moet Hom nie wegwys nie. Moet dit nie doen nie. Vind jou doel waarvoor God jou hiernatoe gebring het in die lewe.

285 Ons is in 'n verskriklike uur, vriende. Julle weet dit. Soos die ou lied gesê het:

Nasies verbrokkel, (Kyk watter tyd is dit.), Israel ontwaak,
Die tekens deur die Bybel voorspel;
Die Heidendae getel, met oordele omring;
"Keer terug, O verstrooides, na jul eie."

Die Dag van Verlossing is hier,
Mans se harte beswyk van die vrees;
Word vervul met die Gees, jul lampe geknip en helder. (Wat?)
Kyk op, jou Verlossing is hier.

Dis reg.

Vals profete lieg altyd, God's Waarheid ontken hul,
Dat Jesus die Christus is God;

Dis reg.

Hierdie geslag God se openbaring weier,
Maar ons sal loop op apostels se weg.

Die Dag van Verlossing is hier,
Mans se harte beswyk van die vrees;
Word vervul met die Gees, helder lampe geknip,
Kyk op, jou Verlossing is hier.

286 Dis reg. Kyk op, broer, kom weg van al hierdie leerstellings van die wêreld. Kyk op. Kyk na Christus. Kyk na Jesus, soos die lied sê.

"Kyk en leef," my broeder, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in Sy Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

Waarna kyk julle vanmôre?

"Kyk en leef," my broeder, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
Want dis geskrywe in Sy Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

Glo julle dit? Kom ons sing dit saam. Ken julle dit?

"Kyk en leef," my broeder, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

Nou kom ons sing dit nou saam.

"Kyk en leef," my broeder, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

287 Waarna kyk julle? Vir hulle wat kyk vir Jesus, vir 'n tweede maal, sal Hy kom in Heerlikheid tot verlossing, om ons uit hierdie sondige wêreld te neem, uit hierdie sonde en goed waarin ons is. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Kyk en leef. Die enigste ding wat jy kan doen is kyk, die Woord neem. Soos wat die slang op 'n paal die lewende Woord voorgestel het wat vlees sou word, so verteenwoordig die Woord vandag die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, wanneer ons Dit bevestig sien word onder ons. Hy is in ons selletjie vanmôre. Sal julle nie na Hom luister terwyl ons ons hoofde buig nie?

Gaan voort, broer.

"Kyk en leef," my broeder, leef;
O, kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

[Broer Branham begin neurie *Kyk En Leef*—Red.]

Kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

288 Terwyl julle julle hoofde gebuig het, kyk nou na Jesus, broer, die Woord. As jy nog nooit bely het nie, bely. As jy nog nooit gedoop is in die Naam van Jesus Christus nie, word gedoop. Jy het 'n belofte van God, dat jy die Heilige Gees sal ontvang. Dis waarmee die oorspronklike Kerk begin het, en hoe Dit begin het. God is oneindig. Hy kan nie Sy program verander nie. Dis hoe dit altyd moet bly. Die Kerk was ingehuldig op die Pinksterdag, deur bekering, doop in die Naam van Jesus Christus, en 'n belofte om die Heilige Gees te ontvang. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

289 As dit nooit met jou gebeur het nie, vriend, sal jy nou jou hand opsteek na God en sê: "Broer Branham, bid vir my." God seën jou, jou, jou. God seën jou. Goed. God seën jou, jou, jou. Dis goed. Goed.

"Kyk en leef," my broeders, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
Nou, dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

290 Nou, dis geskrywe hier in die Woord. Ons is in die laaste dae. Niks hiervan is opgemaak nie. Daar's geen valsheid, geen bedrogspul nie. Dis die Woord wat gemanifesteer word. Dis die Woord wat die Waarheid vertel. Julle was—julle was by die dienste. Julle was voorheen in die dienste, en julle weet dat dit die Waarheid is.

291 Nou, ons het baie nabootsers. Ons weet dit. Maar moenie na hulle kyk nie. Daar was 'n menigte van gemengde bloed wat saam met Moses gegaan het. Maar onthou, daar was party egte Israeliete daar, wat na die beloofde land toe gegaan het. Sien?

292 Dieselfde in hierdie groep, broer. Daar's regte, egte Geesvervulde mans en vroue, regte, egte, kan nie 'n vinger op hulle lewens plaas nie. Sal julle nie vanmôre kyk en leef nie? Kyk weg van die nabootsers. Kyk weg van die—diegene wat fanatici sou wees. Kyk weg van dit alles en kyk na die ware Jesus. Ons is geskrywe in Sy Woord. Halleluja. "Aan hulle wat die tweede keer vir Hom kyk, sal Hy verskyn."

293 As julle graag vorentoe na die altaar toe wil kom, om te staan vir gebed, as julle nie die Heilige Gees ontvang het nie; nie hierdie kwalifikasies nagekom het, van die boek van Handelinge, waarvan Petrus gepraat het nie, en jy wil hulle graag nakom vanmôre. Terwyl ons nog een vers sing, wil ek jou graag uitnooi, om by die altaar te kom staan vir gebed. En dan sal ons die doop uitvoer, of ons sal vir jou bid om die Heilige Gees te ontvang. Terwyl ons sing.

O, "kyk en leef," my broeders, leef;
Kyk na Jesus nou en leef.

Iemand anders?

Geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

"Kyk en leef," my broeder, leef;
O, kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

294 Wat is verkeerd met die vroue vanmôre? Almal mans? Jy sien dit selde. Hierdie is die uur van opregtheid. Goed.

"Kyk en leef," my broeder, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
Dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en . . ."

295 Ek voel net daar moet nog iemand wees. Kom aan. Hierdie, hierdie vier mans wat hier staan, daar is meer as dit hier. Kom aan. Wil julle lewe? Onthou, God skryf dit neer. Hulle het gevra: "Hoe moet . . . Wat moet ons doen om gered te word?" En daar is vir hulle gesê. Nou, Hy kan dit nie verander nie, en dit is nog nooit verander, deur die Bybeleeue heen nie.

296 Nou het ons verskillende idees. Ons verander dit nou, o, goeiste, alles. Maar moenie, moenie daarna kyk nie. Moenie kyk wat hulle nou doen nie.

297 Kyk na wat Hy *Hier* gesê het. Kyk na die Bybel. Kyk jy en leef, broer. Dis die enigste manier wat jy kan; suster, ook. Kom nou, as jy nie hierdie ondervinding ontvang het en weet dat dit presies die Bybel is, met God Self daar, wat bevestig word nie. Moenie enige kanse waag nie.

298 Waarna kyk jy, vanmôre? Waarna kyk jy? Het jy gestop in hierdie verskriklike, besige dag waarin ons lewe? Waarna soek jy? God het alles geplaas.

299 Die roering van die water, daardie eerste klein beweginkie, het mense ingespring.

300 Die teken van die hand in die lug, het Elía gesê: "Daardie wolk, die grootte van 'n man se hand, soos 'n wasem." Wat was dit? Hy het aanhou glo. "Ek hoor die gedruis van die reën." Daardie wolk het twee wolke geword. Twee wolke het 'n heuwel geword. 'n Heuwel het 'n berg geword. Die berg het nog 'n berg geword. Die eerste waarvan jy geweet het, het die ganse hemel gedonder, reën het geval. Wat was dit? Hy het aanvaar wat God gestuur het.

301 En vanmôre, as daardie Dingetjie jou hart aangeraak het, en sê: "Ek het dit nodig," is dit die tekentjie, die grootte van 'n hand van 'n man. Kom.

"Kyk en leef," my broeders, leef;
O, kyk na Jesus nou en leef;
O, dis geskrywe in die Woord, halleluja,
Dit is net maar dat ons "kyk en leef."

Kom ons buig ons hoofde.

302 Wonder of julle broers hier, party van julle predikerbroers, julle reguit sal naderkom, party van julle broers, hande sal lê op hierdie broers wat hiernatoe gekom het, as julle sal, broers.

303 Here Jesus, hierdie man het die belydenis gemaak, het gekom vanmôre. Los al sy twyfel op vir hom.

Die Bloed, Vader! Vergewe ons, Here! . . .?. . .

Hy's werd om alles voor op te gee.

304 Net so, vir hierdie broer hier, Here, mag sy belydenis in die Bloed van Jesus Christus inval. Mag hy vervul word met die Heilige Gees. Dat God sy naam sal verander, terwyl hy op sy staf leun. Maar hy het die Heilige Gees nodig. Sy belydenis gedoen vanmôre! . . .?. . .

305 Vul hom met die Heilige Gees . . .?. . .En mag daar 'n groot krag van die Heilige Gees voortkom. Amen.

306 Die hele kerk wat nou julle hoofde buig, wees in gebed. Hierdie broers bid nou, en lê almal julle hande op hulle en bid.

Hier is nog een wat kom.

307 Here Jesus, volgens die belydenis wat hy vandag kom maak, bid ek, God, dat U hom sal vul met die Heilige Gees, Here. Hy kyk nou weg na Gólgota, waar net die Bloed van Jesus Christus hom kan reinig. Net een Bloed kan daardie sprong oor daardie kloof maak. Dis die Bloed van Jesus Christus wat vloei in daardie kloof, en hom langs God plaas, vanaand. Skenk dit, Vader, deur Jesus Christus. Amen.

308 Almal in gebed nou, lê jou hande op hulle, broer, hierdie mans wat hier staan. Bid nou met jou hele hart.

309 Nou, jy het gekom om jou belydenis te maak. God kan nie lieg nie.

310 Dis presies hoe ek dit ontvang het, toe ek opgekom en gesê het: "Here God, ek's baie opreg. Ek bedoel dit regtig, met my hele hart. Dit is tussen lewe en dood, en ek—ek wil nie sterf nie. Ek—ek wil lewe, en ek—ek wil Hemel toe gaan. En U het belowe."

311 Ek het nooit voorheen van so-iets soos Pinkster gehoor nie, nog nooit van so-iets gehoor nie. Maar, ek het gesê: "In die Bybel hier was die vereiste, volgens hierdie Bybel, dat ek moet bekeer, en dit doen ek. En ek is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Nou, Here, het U vir my die Heilige Gees belowe. U het belowe om dit te doen."

312 Ek het nooit voorheen van enigiets soos praat in tale gehoor nie, dit nooit voorheen gelees behalwe daar in die Bybel nie. Ek het net nie enigiets gedink nie. En net daar het daar 'n Lig oor die kamer gekom, in 'n kruisvorm, en wat ook al daarop was, het in tale gepraat. Ek het gesê: "Ek verstaan nie U Stem, meneer, U taal nie. As U nie Engels kan praat nie, en ek verstaan nie U taal nie; as U net sal terugkom en weer praat, sal dit 'n teken wees dat U my aanvaar het." En daar was Dit weer.

313 O, broer, ek het gekyk en gelewe, toe. Ek het van toe af gelewe, in die glorieryke sfere van God, waar die krag van God vrylik vloei onder by die tuit van Sy seëninge.

314 Kom ons steek nou ons hande op terwyl ons staan, elkeen van ons hier, en hierdie mans. Nou, broers, die Heilige Gees is hier. Die Vergewer is net hier langs julle. Laat ons nou met ons hele hart glo. Laat elkeen van ons glo. Nou laat ons ons stemme verhef tot God. God seën julle.

Hemelse Vader, ons bid . . .?. . .

Here Jesus, ek bid U, dat U hierdie sal skenk! . . .?. . .

Here, mag sy dit nie nou miskyk nie! . . .?. . .

"Kyk en leef," my broeders, leef;
Kyk na Jesus nou en leef;
O, dis geskrywe in God's Woord, halleluja,
Dit is net maar dat jy "kyk en leef."

O, "kyk en leef."

315 Al julle siek mense, kyk nou op dieselfde manier, kyk na Jesus.

Kyk na nou Jesus en lewe.

316 Dis reg. Soos die koperslang. Daar was geen krag in die slang nie, maar dis waarna hulle gekyk het. Nou, die belofte het gesê: "Hulle sal hande op die siekes lê; hulle sal gesond word." Ek lê my hande op hom, want dis verteenwoordiging, soos die koperslang. Mag hulle na Jesus kyk, oorkant, Wat gesterf het. Hy's die versoening vir ons siek mense om te genees. Hy's die versoening vir ons sonde. Mag die krag van God oor hierdie water kom, en elkeen genees, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God.

Die baba? Die baba?

317 In Jesus' Naam . . . ? . . . In die Naam van die Here Jesus . . . ? . . . O, in die Naam van Jesus Christus.

God seën julle nou. Glo met julle hele hart. Glo dit.

O, "kyk en leef," my broeders, leef.

Hoe doen jy dit?

Jy kyk na Jesus nou en leef;
O, dis geskrywe in . . .

Onthou, broer . . . ? . . .

318 Weet julle wat is fout met die kerke vandag? Ons raak ver . . . Ons—ons—ons gee te gou op. Elía het daar gebly en hy het gebid, en hy het gebid, en hy het gebid, totdat iets gebeur het. En toe hy daardie straaltjie voel afkom het in sy hart, het hy gesê: "Ek hoor die gedruis van die reën." As mans en vroue hierbinne, wat Christus of die Heilige Gees wil hê, wat genees wil word, as hulle net daar sou bly en sê: "Here, U het dit belowe. U het dit belowe," dan daardie straaltjie voel. Sê: "Hier is dit, Here. Ek aanvaar dit," iets gaan gebeur.

O, "kyk en leef," my broeders, leef.
Kyk na Jesus nou en . . .

319 Steek nou net jou hand op. Aanvaar wat jy wil hê. Hy's hier in die sel by jou. Goed. Halleluja!

Goed, broer, as jy sal kom.

Kyk AFR63-0428
(Look)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 28 April 1963, by die Jesus Naam Kerk in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org